Fokustyd 2015

EK KNIEL VOOR ONS GOD

Efesiërs 3:14-21
’n Gebed om groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God

INHOUDSOPGAWE

Die plek van gebed in Efesiërs 3

Kleingroepe in ons gemeente 4

Vergelyking van verskillende vertalings 30

Week 1 – Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word
Kleingroepriglyn 6
Dagstukkies 10

Week 2 – Ek kniel sodat Christus deur die geloof in julle hart sal woon
Kleingroepriglyn 16
Dagstukkies 20

Week 3 – Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken
Kleingroepriglyn 26
Dagstukkies 32

Week 4 – Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD
Kleingroepriglyn 39
Dagstukkies 43

Week 5 – Ek kniel sodat God geëer kan word
Kleingroepriglyn 50
Dagstukkies 55

Uitgegee in Augustus 2015
*Bladuitleg deur Fransa van **Colourcode Designs** 076-391-7578*

Baie dankie aan die volgende taal- en stylversorgers: Doretha Rost, Cecile van Zyl, Nina Brink, Janien Linde en Elma de Kock.

DIE PLEK VAN GEBED IN EFESIËRS

Ek kniel voor ons God
Efesiërs 3:14-21
'n Gebed om groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God.

Lees Efesiërs 3:14-21 in verskillende vertalings op bladsy 30 en 31.

Die "daarom" waarmee die gebed begin (v. 14), verwys terug na die "daarom" waarmee hoofstuk 3 begin het en dít verwys weer na die beskrywing van eenheid wat tot stand kom wanneer Jode en nie-Jode tot die geloof in Jesus Christus kom.

Terselfdertyd koppel die "daarom" aan die direk voorafgaande gedeelte, naamlik dat die gelowige in verbondenheid met Christus en deur die geloof in Hom met vrymoedigheid en vertroue na God kan gaan.

Ons vind Paulus se gebed aan die einde van die eerste hoofdeel van die brief aan die Efesiërs. Soos dit sy gebruik is, beklemtoon Paulus in die eerste deel van sy brief die genade van die Here (1:1-3:21) waarna hy die praktiese toepassing van die genade in die gelowige se lewe begin uitwerk (4:1-6:24).

Die gebed lê in die oorgang tussen die twee gedeeltes. Nadat hy dus oor die genade van die Here gehandel het, bring dit hom op sy knieë en bid hy eintlik dat die gelowiges hierdie rykdom beter sal ken in 'n lewende verhouding met God. Gebed is die uitvloeisel van sy nadenke oor God se genade.

Terselfdertyd is gebed die begin van die gelowige se uitlewing van sy Christenskap. Sonder gebed is dit onmoontlik om te antwoord op God se genade. Voordat jy dit kan doen, moet jy meer en meer in jou verhouding met God groei, en daaruit kom die opdragte. Dit help nie om net 'n klomp dinge te doen nie, maar die dade moet voortspruit uit 'n groeiende en biddende verhouding met die Here.

KLEINGROEPE IN ONS GEMEENTE

Daar is tans vier-en-twintig KLEINGROEPE in ons gemeente en ook nog enkele Bybelstudiegroepe. Dit is 'n groot krag in die bediening en 'n baie goeie hulpmiddel waardeur VERHOUDINGS met mekaar, met God en met sy wêreld uitgebou word.

Die huidige praktyk is dat lidmate wat volledig by 'n kleingroep inskakel, nie in 'n gewone wyk bedien word nie. Elke kleingroep het 'n ouderling en diaken, verkieslik iemand in daardie groep wat dus weekliks of tweeweekliks ten nouste met die lidmate saamleef. Indien 'n kleingroep nie 'n ouderling en diaken het wat deel is van die groep nie, word die lidmate in die kleingroep gewoonweg soos lidmate in 'n wyk deur 'n ouderling en diaken besoek.

Dit is belangrik om nie te veel van kleingroepe te maak asof dit die einddoel van alles is nie. Dit gaan in die kerk oor VERHOUDINGS en dit moet op verskillende maniere in ons bediening vergestalt word.

Oor jare is dit egter bewys dat kleingroepe 'n besondere struktuur is waardeur verhoudings gebou kan word. Daarom wil ons dit graag verder as bedieningsmodel in die gemeente uitbou.

Dit gesê, is ons ernstig in ons pogings om nie te dink dat lidmate wat nie by kleingroepe inskakel nie, minderwaardig is nie. Inteendeel. Verhoudings kan ook op ander maniere gebou word.

Indien jy vir die eerste keer by 'n kleingroep inskakel, vertrou ek dat jy die seën daarvan sal ervaar.

Waaroor gaan kleingroepe?

Ons wil graag soveel lidmate moontlik vir die Fokustyd in kleingroepe betrek. Jy verbind jouself vir die vyf Fokustyd-weke waarna jy die vryheid het om te besluit om deel van die kleingroep te bly, by 'n ander kleingroep in te skakel, of as kleingroep op te hou bestaan. Onthou dat dit nie oor kleingroepe op sigself gaan nie, maar om die feit dat kleingroepe 'n goeie instrument is waarmee verhoudings gebou kan word.

Die formaat van die kleingroepbyeenkomste is gerig op die verskillende verhoudings wat in 'n gesonde kleingroep aandag behoort te kry, naamlik:

A. Fokus op mekaar (30min)

Die gelowiges kom as broers en susters bymekaar. Daar word dus op mekaar gefokus. Hoe gaan dit? Kan ons mekaar van hulp wees? Vrae word gegee wat die kleingroep in nog kleiner groepies kan beantwoord. Saam eet of koffie drink kan hier deel wees.

B. Fokus op die Here

B.1 Ons met die Here (15 min)

As gelowiges fokus ons nou op die Here. Lofprysing, sang en stilword voor die Here moet in ons lewe en in ons byeenkoms 'n plek kry. Die voorlees van gebede, veral lofprysingsgebede, sang, die luister na geestelike musiek en die gebed om die verligting van die Heilige Gees sodat God se Woord lewend in ons kan werk, kry hierin 'n plek.

B.2 Die Here met ons (30 min)

Hierdie deel van die byeenkoms fokus daarop om na die Here se Woord te luister, en daarom neem dit so belangrike plek in tydens ons byeenkomste. 'n Bepaalde Skrifgedeelte of Skrifdele word behandel en die fokus is hier op die luister na wat die Here vir ons sê.

C. Fokus op die wêreld en die skepping (15 min)

Die laaste kwartier is van uiterste belang omdat dit te make het met die toepassing van wat ons van die Here gehoor het in ons lewe en wêreld. Hier word leidende vrae gestel met die bedoeling dat elke gelowige konkreet die Woord van die Here kan gaan toepas. Pas op om nie aan die versoeking toe te gee om nie by die punt uit te kom nie. Wat hier bespreek is, sou by 'n volgende byeenkoms gekontroleer kon word.

Hoewel hierdie kleingroep-riglyn struktuur bied vir julle byeenkoms hoef dit nie slaafs nagevolg te word nie. Indien julle byvoorbeeld op 'n gegewe aand by een van die verhoudings vashaak of net by sommige daarvan uitkom, maak dit nie saak nie. Dieselfde geld vir die tydsaanduidings. Moet egter nie volgende week weer by dieselfde tema stilstaan nie, maar volg die Fokustyd saam met die res van die gemeente.

KLEINGROEPRIGLYN - WEEK 1

TEMA: Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word

Koppelgedeelte
(Laat iemand in die groep onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees.)

Hierdie week fokus ons as gemeente in ons gebede op die gebed om deur die krag van die Heilige Gees innerlik sterk te word.

Die krag van die Heilige Gees om ons innerlik sterk te maak, is in baie opsigte 'n stuk voorbereidingswerk wat in ons gedoen word. Wanneer ons in die volgende weke kom by die inwoning van Christus in ons harte, die ken en begryp van Christus se liefde, asook hoe ons met die volheid van God gevul word, sal ons besef dat ons hierdie gawes alleen deur die krag van die Gees kan ontvang.

In hierdie gebed gaan ons opnuut weer sien hoe naby die Vader, Seun en Heilige Gees met mekaar saamwerk. Ons fokus redelik gereeld op die Vader, as ons Skepper, en die Seun, as ons Verlosser. Soms verloor ons egter uit die oog hoe belangrike rol die Heilige Gees speel, as ons Trooster.

Mag ons in hierdie week weer gevul word met verwondering oor wie die Heilige Gees is, en wat Hy doen. Hy is immers die Persoon wat ons die geloof gee om aan Christus vas te gryp, sodat ons God as ons hemelse Vader kan ken. Hy is die Persoon wat ons laat hoop op die wederkoms van ons Here Jesus. Hy is die Persoon wat aan ons die krag gee om vandag reeds te leef in die koninkryk van God.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:

1.1. 'n Gebed om die krag van die Heilige Gees
1.2. Die 'innerlike mens' – 'n voorreg vir gelowiges
1.3. Die Heilige Gees versterk ons gedagtes, harte en wilskrag
1.4. Die Heilige Gees versterk ons volgens die rykdom van God se heerlikheid
1.5. Benette Rautenbach deel met ons haar ervaring van krag van die Heilige Gees wat ons innerlik sterk maak.

FOKUS OP MEKAAR (15 - 30 minute)

1. Wat is jou verwagting van hierdie Fokustyd wat op gebed gerig is?
2. Deel met mekaar hoe jy jou gebedslewe beleef.
3. Watter rol speel die gebede van ander gelowiges in jou lewe?

FOKUS OP DIE HERE (45 minute)

Ons met die Here (15 minute)

Sing saam tot eer van die Here
(Die groep kan self liedere kies of die volgende gebruik. Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.)

Skrifberyming 8-1
1. "Water sal Ek op hul sprinkel,
water uit 'n springfontein."
En van alle^onreinighede
was die Heer sy volk dan rein.
Nuwe harte gee'k aan julle,
en Ek gee 'n nuwe gees;
'k sal die hart van klip verwyder,
aan jul gee 'n hart van vlees.

Lied 334
1. God is liefde juig ons harte,
En bedink wat liefde doen.
Dat Hy ons sy Seun gestuur het
Om ons sonde te versoen.

3. Deur sy Gees, die wondergawe,
laat Hy wederliefde spruit;
en dié liefde – wat volmaak is –
dryf die vrees en selfsug uit.

Gebedsvoorstel
Oorweeg dit om die hele gebed (vs. 14-21) saam te bid deurdat iemand dit hardop lees en almal in hulle gedagtes saambid.

Die Here met ons (30 minute)

1. Laat iemand die hele gebed (vs. 14-21) deurlees indien dit nie hierbo gedoen is nie.
2. Laat iemand vers 16 uit die ouer vertaling voorlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Laat iemand anders weer vers 16 lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte. Die vraag moet aan 'n

bepaalde vers gekoppel wees.
4. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
5. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan Ds Willem deur.

Addisioneel
In Efesiërs kom die werk van die HEILIGE GEES nog in die volgende verse ook voor:
1:3 / 1:13-14 / 1:17 / 2:18 / 3:5 / 4:3-4 / 4:30 / 5:18-19 / 6:17-18.
Lees die tekste deur en bespreek oorsigtelik

OF

Laat iemand vooraf 'n gedeelte kies en voorberei waarop die groep dieper ingaan.

VERBINTENIS (15 minute)

My verantwoordelikheid teenoor die wêreld en die skepping

1. 'Vertaal' die deel van die gebed oor die krag om innerlik sterk te word in jul eie woorde en volgens jul eie behoeftes en BID dit dan vir mekaar en vir die gemeente.
2. 'Vertaal' hierdie deel van die gebed in opdragte vir die week wat voorlê en verbind julself om dit prakties te gaan DOEN.

NOTAS - WEEK 1

Ek kniel sodat julle deur die HEILIGE GEES innerlik sterk sal word

DAGSTUKKIE 1-1 'n Gebed om die krag van die Heilige Gees

Skrifgedeelte: Efesiërs 3:16

Die werk van die Heilige Gees is 'n onmisbare deel van hoe God met ons, as gelowiges, werk. Reeds in Ef. 1:13, 14 word die Heilige Gees aan ons beskryf as die Persoon wat gelowiges se verlossing *verseël* en optree as *Waarborg* van ons verlossing totdat die wederkoms van ons Here Jesus plaasvind. In Ef. 2:22 word die Heilige Gees beskryf as die Persoon deur wie God *teenwoordig is in sy kerk*.

Deel van die wonder van die Heilige Gees se werking is dat Hy nie maar net *by ons* is en ons laat terugkyk na die verlossingswerk van ons Here Jesus wat reeds voltooi is nie. Die Heilige Gees is ook *in ons* – Hy is die eerste vrug van die verlossing wat ons ontvang het (Rom. 8:23) – om nou reeds die nuwe lewe in ons op te wek. Die werk van die Heilige Gees in ons laat ons met hoop uitsien na die fisiese bevryding van ons liggame met die koms van ons Here Jesus (Rom. 8:23, Gal. 4:6).

Die feit dat ons reeds die Heilige Gees ontvang het, beteken nie dat ons aan hierdie kant van die wederkoms van ons Here Jesus geen swaarkry sal beleef nie. Inteendeel maak die werking van die Heilige Gees ons al hoe meer ontuis in hierdie wêreld, omdat ons reeds iets geproe het van die volmaakte koninkryk van God (1 Pet. 2: 11-12). Ons het daarom nodig om versterk te word, sodat ons nie in moedeloosheid sal verval nie, maar enduit kan volhard tot ons die oorwinnaarskroon ontvang (2 Tim. 4:-8).

Paulus bid vir die gelowiges in Efese, dat die Heilige Gees aan hulle die krag sal gee om innerlik sterk te word. Hy vra dat die Heilige Gees – wat reeds die gelowiges in Christus verseël en gewaarborg het – nou ook aan hulle die innerlike krag sal gee om in hierdie nuutgemaakte verhouding met ons hemelse Vader en ons Here Jesus te leef.

Die krag van die Heilige Gees maak die vervulling van hierdie gebed vir die gelowige moontlik. Dit is deur die krag van die Heilige Gees dat Christus in ons harte kan woon (Ef. 3:17); dat ons die liefde van Christus kan ken en begryp (Ef. 3:18-19a); en dat ons gevul kan word met die volheid van God (Ef. 3:19b).

Hierdie gebed word nie net vir sommige gelowiges gebid nie, maar vir die hele gemeente in Efese. So sien ons dat hierdie kragtige werking van die Heilige Gees bedoel is vir elke gelowige.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:
Die krag van die Heilige Gees is bedoel vir elke gelowige, daarom mag ons vir mekaar bid vir die krag van die Heilige Gees om innerlik sterk te word.

DAGSTUKKIE 1-2 Die 'innerlike mens' – 'n voorreg vir gelowiges

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 4:16-5:10

"*Om die rede word ons nie moedeloos nie.*" Paulus herinner die gelowiges weer hier aan die feit dat hulle 'n innerlike mens het. God leef deur die Heilige Gees in elke gelowige. Die Heilige Gees is die Persoon wat reeds die nuwe lewe in ons elkeen opgewek het. Net soos Christus uit die dood uit opgestaan het en nooit weer kan sterf nie, so wek die Gees die gelowige deur die wedergeboorte op om ewig te leef.

Ons ontvang daarom as gelowiges 'n nuwe perspektief op ons hele lewe – maar veral op die lyding wat ons hier op aarde beleef. In v. 17 ontvang ons die wonderlike troos: "*Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop uit op 'n heerlikheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.*" Die fokus in hierdie vers is nie om sommer maar net ons aardse lyding af te maak as niks nie, maar eerder om ons te bemoedig oor hoe heerlik die nuwe lewe in Christus eintlik is. Hoe meer die Gees ons innerlike mens versterk, hoe meer sal ons verlange wees om in die volmaaktheid van die hemel te leef.

Die gawe van 'n innerlike mens is 'n voorreg wat slegs gelowiges ontvang. Sonder die innerlike mens het die ongelowige niks anders in die lewe as dit wat hy self kan waarneem en beleef nie. Die Gees kom maak egter nuwe horisonne vir die gelowige oop. Dis net deur die krag van die Gees dat 'n gelowige innerlik vernuwe kan word, terwyl hy besig is om uiterlik te vergaan. Stefanus is hiervan 'n treffende voorbeeld in Handelinge 7:54-60: Die Gees het aan Stefanus die vermoë gegee om die groter werklikheid van sy ewige lewe saam met Christus te sien, terwyl sy teenstaanders besig was om hom met klippe dood te gooi.

Wanneer Paulus in Ef. 3:16 bid dat die Heilige Gees aan die gelowiges krag sal gee in die innerlike mens, bid hy dat ons deur die Gees versterk sal word, wanneer ons toenemend besef dat die Gees reeds die nuwe mens in ons opgewek het. Soos staalbewapening beton innerlik versterk, so versterk die Gees ons deur die innerlike mens. Ons uiterlike mens sal met die wederkoms van ons Here Jesus ook vernuwe word, maar tot dan lewe ons deur die krag van die Gees met die innerlike mens in ons.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:
Ons uiterlike mens sal met die wederkoms van ons Here Jesus ook vernuwe word – dank God dat ons met hierdie hoop mag leef; bid dat ons elkeen die krag van die Gees sal ontvang om te volhard tot op daardie dag.

DAGSTUKKIE 1-3 Die Heilige Gees versterk ons gedagtes, harte en wilskrag

Skrifgedeelte: Spreuke 4:20-27(23)

Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

Ek word getref deur hoe maklik ek en ander gelowiges verval in ontevredenheid en 'n gekla oor ons onmiddellike omstandighede. Wanneer ons begin gesels oor die uitdagings in ons land, is dit asof ons oor mekaar val om die een verskriklike storie of ervaring na die ander te vertel. Natuurlik word ons nie as gelowiges geroep om so verwyderd van die wêreld te leef, dat ons naderhand glad nie meer die gebrokenheid van ons omstandighede raaksien nie. Ons het ook nodig om ons swaarkry en seerkry met mekaar te deel (Gal. 6:2).

Tog is dit vir my hartseer hoe min van ons gesprekke verraai dat ons glo in die ware Koning, wat oor alles en almal regeer. Soms klink dit of ons net lewe vir die hier en die nou, sonder enige erkenning dat ons nou reeds in die nuwe koninkryk leef. Dis duidelik dat ons innerlike mens nie vanself versterk gaan word nie. Ons kan nie maar net besluit om positief te dink en te leef nie. Ons is afhanklik van die kragtige werking van die Heilige Gees. Ons het nodig dat Hy ons harte en gedagtes en wil sal versterk. Ons het nodig dat Hy sal bepaal wat in ons harte omgaan.

Wanneer die Spreuke-digter hier na ons *harte* verwys, bedoel hy dat ons versigtig moet wees oor wat in die middelpunt van ons lewens staan. As ons dink aan Paulus se gebed vir die gelowiges in Efesiërs 3:16 begin ons *versigtig wees oor wat in ons harte omgaan*, met die gebed dat die Heilige Gees aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word.

Die Heilige Gees versterk ons gedagtes, harte en wilskrag. Dis nodig dat ons gedagtes versterk word, omdat die waarheid van Christus en sy verlossingswerk aan die een kant so eenvoudig is dat selfs kinders dit kan verstaan, maar aan die ander kant is dit meer is as wat selfs volwasse gelowiges ooit sal kan begryp. Dit is nodig dat ons harte versterk sal word, omdat ons gedurig deur die duiwel, die wêreld en ons eie gebrokenheid aangeval word. Sonder die versterking van ons harte sal ons in totale moedeloosheid verval. Dit is nodig dat ons wilskrag versterk sal word, omdat ons so maklik terugsak van wat ons besluit het. In Romeine 7:15 vat Paulus dit goed raak wanneer hy sê: "… *wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.*"

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Mag die Heilige Gees bepaal wat in ons harte aangaan.
- Mag Hy ook ons gedagtes rig wanneer ons as gelowiges met mekaar praat oor lewensomstandighede.
- Mag die Heilige Gees aan ons krag gee om nie verbitterd of moedeloos te word nie.

DAGSTUKKIE 1-4

Die Heilige Gees versterk ons volgens die rykdom van God se heerlikheid

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 2:6-16

Ons kan nie anders nie as om met verwondering vervul te word wanneer Paulus bid dat die Gees *vanuit die rykdom van sy heerlikheid* aan ons die krag sal gee om innerlik sterk te word (Ef. 3:16). Die verwondering lê in die feit dat die Here hier self die maat of die grootte van hierdie gebed kom gee. Hier word gebid dat die Gees aan ons krag sal gee volgens, of namate van God se heerlikheid. God se heerlikheid is dus die enigste beperking op die hoeveelheid krag wat die Heilige Gees aan gelowiges kan gee om ons innerlik sterk te maak.

Wanneer Paulus in Rom. 11:33-36 te staan kom voor wie God is, begin hy spontaan om die Here te loof – hy sing 'n lied waarin hy God loof as die een wat *ondeurgrondelik* is. God kan nie beperk of bevat word nie – Hy is soos niks of niemand anders nie. Hy is volkome heerlik. Daar is geen beperking aan dit wat Paulus vir die gelowiges bid nie, want God se heerlikheid is die samevatting van al sy volmaakte eienskappe.

Paulus bid dus dat die Gees ons krag sal gee volgens God se krag (Ef. 1:19), sy liefde (Ef. 1:5; 2:4), sy barmhartigheid (Ef. 2:4), sy genade (Ef. 1:2,6) en sy wysheid (Ef. 3:10). Hierdie heerlikheid van God werk reeds in elke gelowige – so het ons elkeen tot geloof gekom in Jesus Christus en het ons nuwe lewens begin – en nou gee die Gees vanuit die heerlikheid van God ook nog aan ons die krag om innerlik sterk te word.

As kinders van God het ons die voorreg om werklik met enigiets in gebed na ons hemelse Vader te kom. Tog moet hierdie voorreg ons nooit laat verval in sommer maar net die alledaagse nie. Wanneer die Here vir Paulus lei om vir die gelowiges te bid na die maat van sy heerlikheid, behoort ons te besef hoe onbeskryflik groot die rykdom is wat die Here vir ons in Christus geskenk het.

Ja, voor God is die mens soos stof, weeg ons eintlik niks op 'n skaal (Ps. 62:10). Tog het Hy vir ons in Christus 'n toekoms voorberei, waarvan 1 Korintiërs 2: 9 sê: "*Wat die oog nie gesien en die oor die gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak*

vir dié wat Hom liefhet." Daarom gee Hy aan sy kinders die voorreg om te mag bid: Vader, gee deur die Gees *vanuit die rykdom van u heerlikheid* aan ons die krag om innerlik sterk te word.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Mag ons al hoe meer besef hoe groot die rykdom van God se heerlikheid is.
- Mag ons horisonne verbreed word oor wat ons in geloof van God verwag.
- Mag ons groei in ons verwondering oor God se liefde vir ons.

DAGSTUKKIE 1-5

Die Gees versterk ons in ons gesprekvoering met God en ons naaste (Benette Rautenbach)

Skrifgedeelte: Romeine 8:26; Lukas 12:12

Jakobus 3:5 sê dat die tong groot mag het. Ons besef die mag en die impak van ons woorde wanneer ons na die gevolge daarvan kyk. Gesprekvoering met die Here kan wonderwerke tot gevolg hê en getuienisse op die regte tyd kan lewensveranderend wees; maar hoe weet ons wanneer om wat te sê of eerder nie iets te sê nie?

Wanneer dit by gesprekvoering met God kom, weet ek dat ek so ver tekort skiet. Soveel keer kan ek net nie die regte woorde kry nie en dikwels wonder ek ook oor dinge soos al die sondes wat ek doen waarvan ek nie eens bewus is nie. Gaan God my dan nie vergewe daarvoor nie? Sommige aande betrap ek myself ook dat ek net gou 'n gebedjie aframmel en dikwels nog aan die slaap raak voor ek *Amen* sê.

Romeine 8:26 leer ons dat die Heilige Gees ons *in ons swakheid bystaan en vir ons pleit by God*. Die Gees versterk ons dus nie net nie, maar daar waar ons steeds tekort skiet, daar waar ons nog aan die slaap raak as ons bid en daar waar ons gebede dalk selfsugtig mag wees; daar waar ons nie weet wat om te bid nie of dit wat ons sommer heeltemal vergeet om te sê, ook dáár tree die Gees vir ons in en sorg dat ons gebede vir God aanneemlik is. Ek hou daarvan om te sê dat die Gees ons gebede in Hemelse taal vertaal.

Verder weet ons dat woorde kragtig kan wees en ons help om ons taak op aarde, naamlik om *dissipels van mense te maak* (Matt. 28:19), uit te voer. Hoe weet ons egter wanneer om te praat/getuig en wanneer om eerder stil te bly? Dankie tog dat God nie hierdie opdrag alleenlik aan ons oorlaat nie.

In Lukas 12:12 leer Jesus die skare (en ook vir ons vandag) dat hulle in

moeilike situasies nie bekommerd hoef te wees oor wat om te sê nie, want *die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word*. In die Bybel kry ons baie voorbeelde waar die Gees mense versterk het om op die regte tye te praat. Byvoorbeeld in Handelinge 4:8 sien ons dat Petrus tydens sy verhoor voor die Joodse raad *vol van die Heilige Gees* van Jesus getuig het.

Wat 'n troos om te weet dat die Heilige Gees ons nie net innerlik versterk nie, maar ons ook in ons gesprekvoering met God en met die mense rondom ons bystaan.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:
Sê vandag vir God dankie omdat Hy ons so goed ken en geweet het dat ons die Gees sal nodig hê om ons by te staan in ons gebede, asook in ons gesprekvoering en getuienisse met mense.

KLEINGROEPRIGLYN - WEEK 2

Ek kniel sodat JESUS CHRISTUS in julle sal woon

Koppelgedeelte
(Laat iemand in die groep onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees.)

Ons fokus hierdie week op die wonder dat Christus nou reeds in ons wil woon. Natuurlik, is Christus reeds in elke gelowige, as Hy nie in ons was nie sou ons nie Christene gewees het nie. Die fokus van hierdie gebed is daarom nie op ons aanvanklike bekering, wedergeboorte en regverdigmaking nie – al die dinge het reeds gebeur.

Wanneer Paulus hier bid dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon, val die klem op die "woon". Paulus bid dat Christus tuis sal wees in ons harte. Christus is tuis in ons wanneer Hy nie maar net in ons harte is nie, maar ook werklik oor ons regeer.

In hierdie week gaan dit oor ons elkeen se persoonlike verhouding met ons Here Jesus Christus.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:
1.1. 'n Gebed vir elke gelowige
1.2. Die geheimenis van Christus in ons
1.3. Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop
1.4. Dis nie ek wat leef nie, maar Christus in my
1.5. Jaco en Liza Lemmer deel met ons hulle ervaring van hoe Christus deur die geloof in ons harte woon.

FOKUS OP MEKAAR (15 - 30 minute)

1. Deel met mekaar of, en hoe jou gebedslewe in die fokustyd verander het.
2. Deel met mekaar oor hoe jy beleef dat Christus deur die geloof in jou hart woon.
3. Hoekom is dit belangrik dat Christus nie maar in ons is nie, maar ook in ons woon?

FOKUS OP DIE HERE (45 minute)

Ons met die Here (15 minute)

Sing saam tot eer van die Here
(Die groep kan self liedere kies of die volgende gebruik. Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.)

Psalm 18
1. Ek het U hart'lik lief, o HEER!
U is my sterkte^en teëweer.
Die HEER's my rots, my vesting sterk,
my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil,
my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil,
by wie ek vas en veilig skuil.

Skrifberyming 3-4
1. U, Christus, is my lewe,
die sterwe wins vir my.
In lewe en in sterwe
is ek aan U gewy.

2. As ek nog hier moet lewe,
beteken dit vir my
dat ek vir die gemeente
nog langer diensbaar bly.

Skrifberyming 3-4 ***(vervolg)***
3. Maar as ek nou moet sterwe
om by die Heer te wees –
ook dít is my verlange,
ook dáártoe dring my gees.

4. Ek word van beide kante
gedring, ek kan nie kies –
in Hom is dood of lewe
vir my nie 'n verlies.

5. U is my hoogste vreugde,
aan U is ek gewy;
in lewe en in sterwe
sal U steeds by my bly.

Gebedsvoorstel
Oorweeg dit om die hele gebed (vs. 14-21) saam te bid deurdat iemand dit hardop lees en almal in hulle gedagtes saambid.

Die Here met ons (30 minute)

1. Laat iemand die hele gebed (vs. 14-21) deurlees indien dit nie hierbo gedoen is nie.
2. Gee mekaar die geleentheid om te sê wat in die gebed: "sodat Christus deur die geloof in julle harte sal woon" julle TREF.
3. Gee mekaar geleentheid om te sê watter vraag die gebed: "sodat Christus deur die geloof in julle harte sal woon" by julle opwek.
4. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
5. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later as Vrydag nie, per e-pos aan Ds Willem deur.

Addisioneel
In Efesiërs kom verwante gedeeltes tot hierdie gebed in die volgende verse ook voor: 1:3-5 / 1:9-10 / 2:5-7,10 / 2:12-14 / 3:6 / 4:7,12-16.
Lees die tekste deur en bespreek oorsigtelik

OF

Laat iemand vooraf 'n gedeelte kies en voorberei waarop die groep dieper ingaan.

VERBINTENIS (15 minute)

My verantwoordelikheid teenoor die wêreld en die skepping

1. "Vertaal" die deel van die gebed dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon in julle eie woorde en volgens julle eie behoeftes en BID dit dan vir mekaar en vir die gemeente.
2. "Vertaal" hierdie deel van die gebed in opdragte vir die week wat voorlê en verbind julleself om dit prakties te gaan DOEN.

NOTAS - WEEK 2

Ek kniel sodat JESUS CHRISTUS in julle sal woon

DAGSTUKKIE 2-1 'n Gebed vir elke gelowige

Skrifgedeelte: Johannes 17: 20-26

Ek bid dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon (Ef. 3:17). In hierdie bede kom ons te staan voor 'n stuk genade wat ons opnuut met verwondering vervul. Kan een gelowige dit werklik vir 'n ander gelowige toebid? Is hierdie gebed nie té voorbarig of verwaand nie? Word hier nie nou gevra vir iets wat te groot en wonderlik is nie? Tog is dit presies waarvoor ons Here Jesus self gebid het. "*Die heerlikheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is: Ek in hulle en U in My...*" (Joh. 17:22-23)

Die gebed (Ef. 3:14-21) word nie net vir 'n deel van die gemeente nie, maar vir die hele gemeente gebid. Daar is geen sprake daarvan dat die inwoning van Christus slegs bedoel is vir 'n uitgesoekte groepie gelowiges nie. Die gebed is 'n gebed vir elke gelowige.

Net soos elke gelowige *deur die geloof* verlos is (Ef. 2:5,8) en *deur die geloof met vrymoedigheid en vertroue tot God mag nader* (Ef. 3:12), woon Christus ook deur die geloof in die hart van die gelowige. Dis juis vir hierdie inwoning van Christus dat *die Gees aan ons die krag moet gee om innerlik sterk te word* (Ef. 3:16). Die voorbereidingswerk wat die Gees in ons innerlike mens doen, sodat Christus in ons kan woon, word deur een verklaarder vergelyk met die wyse waarop ons ons huise skoonmaak en gereed kry voor die besoek van 'n belangrike gas.

Dit is die vervulling van ons Here Jesus se gebed vir ons: "*Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle.*" (Joh. 17:26). Die krag van die Heilige Gees wat ons innerlik sterk maak, bring ons eerstens tot 'n toenemende begrip van die hemelse Vader se liefde vir sy Seun, tweedens bring die Gees ons tot die besef dat ons ook ingesluit word by hierdie liefde van die Vader, en derdens skenk die Gees aan ons die vermoë om die liefde van die Vader met liefde te beantwoord.

Ons ontvang al hierdie gawes deur die inwoning van ons Here Jesus Christus. Soos lote vanuit die wingerdstok groei, so groei ons vanuit Christus wat in ons leef (Joh. 15:1-8). Ons beleef hierdie inwoning van Christus deur die geloof – so maak die Gees die inwoning van Christus 'n realiteit vir elke gelowige.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Mag ons elkeen groei in ons belewing van hoe Christus deur die geloof in ons harte woon.
- Mag die Gees die inwoning van Christus 'n realiteit maak vir elke gelowige.

DAGSTUKKIE 2-2 Die geheimenis van Christus in ons

Skrifgedeelte: Kolossense 1:24-29

Die meeste kere as ons aan die Here Jesus as die Hoof van die kerk dink (Kol 1:18), dan bedoel ons dat Hy in beheer van die kerk is, Hy bepaal wat gebeur, Hy regeer; en dit is so, maar as die hoof van sy liggaam is Hy ook onlosmaaklik deel van ons. Wanneer ons Here Jesus dus sê dat Hy ons hoof is, dan beteken dit dat Hy in beheer is, maar dit beteken ook dat Hy een met ons is. Kolossense 1:27 beklemtoon hierdie feit: ***"Christus is in julle..."***

God het hierdie begrip van een wees met ons Here Jesus op 'n baie dramatiese manier vir Paulus laat deurbreek: jy kan dalk self rustig hierdie week van die einde van Handelinge 7 af lees hoe die Here Paulus se lewe kom verander het, deur hierdie geheimenis: dat Christus in hom is, aan hom bekend te maak.

In Handelinge 7 en 8 lees ons hoe Paulus dit goedkeur dat Stefanus – die eerste martelaar – met klippe doodgegooi word. Hy het probeer om die kerk uit te roei deur die gelowiges uit hulle huise uit te laat sleep en in die tronk te gooi. Dan, terwyl hy na Damaskus op pad is om die Christene daar verder te vervolg, verskyn ons Here Jesus aan Paulus, wat toe Saulus genoem was, om aan Paulus en aan ons die geheimenis van Christus se eenwees met ons te demonstreer. Toe Jesus op pad na Damaskus aan Paulus verskyn het, vra Hy nie vir Paulus: Waarom vervolg jy *die* kerk of *my* kerk nie? As Jesus aan Paulus verskyn vra Hy: *"Waarom vervolg jy My?"*

Ons Here Jesus staan nie los van sy kerk nie, as Hy hierdie man wat die kerk vervolg voorkeer, vra Hy: *"Waarom vervolg jy My?"* Die kerk se lyding is ook ons Here Jesus se lyding. Dit is die geheimenis wat hier verkondig word – dat God in sy liefde en genade kies om so een met ons te wees.

In Kolossense 1:27b vind ons die troos, wat vloei uit die feit dat Christus in ons is: *"Hy is julle hoop op die heerlikheid."* Voor die wederkoms van ons Here Jesus, leef ons nog met die swaarkry wat veroorsaak word deur die gebrokenheid van ons eie lewens en van die wêreld waarin ons leef. Ons word egter vertroos en versterk deur die feit dat Christus reeds in ons woon – Hy is ons hoop op die heerlikheid.

Ons moet vir mekaar bid, sodat die inwoning van Christus ons al hoe meer sal troos en versterk.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Loof God vir die intieme verhouding wat ons Here Jesus met ons, as kerk, het.
- Loof God vir die wonder dat Christus in ons elkeen is.

DAGSTUKKIE 2-3 Ek staan by die deur en Ek klop

Skrifgedeelte: Openbaring 3:14-22

Wanneer Paulus hier bid dat *Christus deur die geloof in julle harte sal woon* (Ef. 3:17), bid hy vir gelowiges. Die gebed is daarom nie gerig op die gelowiges se verlossing, bekering of hulle regverdigmaking nie, al hierdie dinge het reeds gebeur: die gelowiges is reeds deur die Heilige Gees tot eiendom van God verseël (Ef. 1:13). Christus is in elkeen wat glo, anders is die gelowige nie 'n Christen nie (Rom. 8:9; 2 Kor. 13:5).

Ons kry 'n beter begrip van dit waarvoor Paulus hier bid wanneer ons luister na ons Here Jesus se woorde aan die gelowiges in Laodisea: "*Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.*" (Open. 3:20)

Die gelowiges in Laodisea het reeds 'n geestelike lewe gehad, maar terwyl hulle gedink het hulle is ryk, met goeie oogsalf en deftige klere, was hulle eintlik arm, blind en kaal (Open. 3:17). Hulle het ons Here Jesus geken, en tog ook nie. Hulle het 'n verhouding met Hom gehad, maar hulle lewens is nie deur Hom beheers nie – hulle was *lou, nie warm nie en ook nie koud nie* (Open. 3:16).

So, al het die gelowiges in Laodisea hulle verlossing in Christus ontvang, was hulle nie besig om te groei na die volheid wat die Vader vir hulle beplan het nie: daar was maar min sprake van 'n versterkte innerlike mens, of van Christus se inwoning in hulle harte, of van die mate waartoe hulle gevul was met die volheid van God.

Die gebed om die inwoning van Christus in ons harte bring ons elkeen voor die vraag: "Waar staan ek?" As gelowiges het ons reeds ons verlossing ontvang, maar is ons besig om biddend na die inwoning van Christus na te streef? Verlang ons daarna om elke dag meer van Hom te beleef? Of het ons – soos die gelowiges in Laodisea – tevrede geraak om lou te wees?

Deel van die troos is dat die inwoning van Christus nie afhanklik is van ons nie, want die inwoning van Christus word bepaal deur ons hemelse Vader se genade. Daarom het Christus kom klop aan die harte van die gelowiges in Laodisea. Hy klop vandag nog aan die harte van gelowiges. Hy wil inkom en saam met ons die feesmaal hou. Bid daarom dat Hy sal inkom.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dank God dat ons verlossing reeds vas en seker kan wees in Christus.
- Mag die Gees in ons elkeen 'n groter behoefte wakker maak om deur Christus bewoon te word.
- Mag ons so vanuit die genade leef, dat Christus waarlik tuis sal wees in ons.

DAGSTUKKIE 2-4 Dis nie ek wat leef nie, maar Christus in my

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:15-21

Die verhoring van hierdie gebed, dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon, beteken dat wie ons is al hoe meer deur Christus bepaal word. Die karakter van ons Here Jesus, asook alles wat Hy tydens sy aardse lewe vir ons kom doen en wys het, behoort toenemend ons lewens te vorm en te bepaal.

Galasiërs 2:16 stel dit duidelik dat ons alleen maar deur die geloof in Christus vrygespreek kan word van ons sonde. Daar is niks of niemand anders in wie ons ons vertroue kan stel nie. Selfs Israel kon nie deur die wet gered word nie. Hulle moes ook tot geloof in Jesus Christus kom.

Aanvanklik wanneer ons net tot geloof gekom het, is daar 'n sterk fokus op die dinge wat Christus vir my gedoen het: Hy het vir my sonde betaal; Hy het in my plek gesterf; Hy het namens my die dood oorwin. Geloof in ons Here Jesus as ons Verlosser, is egter net die begin van 'n verhouding met God. Later, wanneer ek begin om te groei in my verhouding met ons Here Jesus, skuif die fokus om ook die vreugde dat my Verlosser in my leef in te sluit.

Wanneer ons besef dat ons eintlik net leef omdat Christus in ons leef, begin ons om al hoe meer ons vreugde in wie Christus is te vind. Christus, ons persoonlike Verlosser, word vir ons belangriker as bloot net die verlossingsdade wat Hy vir ons gedoen het. Ons bly natuurlik altyd afhanklik van Christus se verlossingsdade, maar omdat Christus in ons harte woon vind ons uiteindelik ons hoogste vreugde in 'n persoonlike verhouding met Hom.

Iets van hierdie oorgang word vir ons duidelik wanneer Paulus in Filippense 4:13 skryf: "*Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.*" Die inwoning van Christus was vir Paulus so 'n daadwerklike realiteit, dat hy eintlik nie meer deur sy omstandighede beïnvloed is nie. Hy kon tevrede wees te midde van armoede en oorvloed, omdat Christus, ongeag die omstandighede, altyd in hom gewoon het.

Paulus bid dat Christus deur die geloof in ons harte sal woon, sodat ons

die eintlike doel van ons verlossing kan beleef. Ons is vrygekoop uit ons sonde en nuutgemaak – nie sodat ons maar net kan aangaan met ons eie lewens nie – maar sodat ons in 'n volmaakte verhouding met ons hemelse Vader en ons Here Jesus Christus kan leef.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Bely teenoor God die plekke waar Christus nog nie jou lewe beheers nie.
- Mag die Gees ons sensitief maak vir hoe Christus ons gedagtes, woorde en dade bepaal.
- Mag wie ons Here Jesus is die kenmerkende eienskap van ons elkeen se lewens wees.

DAGSTUKKIE 2-5 Gemeenskap met Christus deur skuldbelydenis (Jaco & Liza Lemmer)

Skrifgedeelte: 1 Johannes 1:5-10

Paulus *bid* vir die gelowiges dat Christus deur die geloof in hulle harte sal woon (Ef. 3:17). Die feit dat hy hierdie gebed bid beteken dat hulle die gemeenskap met Christus nog nie, of nog nie ten volle ervaar het nie. Hy wil hê dat ons moet groei in ons gemeenskap met Christus. In die eerste brief van Johannes leer ons meer oor wat gemeenskap met God beteken.

In 1 Joh. 1:6 lees ons dat as ons sê dat ons met Hom gemeenskap het, maar in die duisternis lewe, dan lieg ons en wandel ons nie die waarheid nie. Dit beteken dat daar mense is wat roem daarop om gemeenskap met Christus te hê, maar dit nie in werklikheid het nie. Hierdie vers maak dit ook duidelik dat die inwoning van Christus in ons harte nie anders kan as om 'n uitwendige gevolg op ons lewe te hê nie. Gemeenskap met Christus het tot gevolg dat ons in die lig lewe (v. 7).

Een eienskap van iemand wat in die lig lewe, is dat hy sy sonde ken. Vers 8 verduidelik dat die mens wat gemeenskap met Christus het, nie sy sonde kan ontken, oorsien of minder maak as wat dit is nie. 'n Ware gelowige het 'n diepe besef van en berou oor sy sonde.

In vers 9 gaan Johannes verder en sê dat ons ons sondes moet bely. As ons dit doen dan lewe ons in die lig en het ons gemeenskap met God en met ons medegelowiges. Die gelowige leef so in gemeenskap met Christus dat hy naderhand nie meer die sonde in sy lewe kan verdra nie. Die daad van sondebelydenis is 'n daad wat ons 'n dieper gemeenskap met Christus laat beleef. Elke keer wanneer ek my sonde bely en weer besef dat ek Christus se geregtigheid voor die Vader ontvang, trek dit my net dieper in gemeenskap met Christus in. Hierdie besef gee vir ons 'n onuitspreek-

like vreugde in Christus. Gemeenskap is 'n diep eenheid wat die gelowige beleef met Christus wat veroorsaak dat sy/haar eie begeertes en sy/haar eie drange en selfgesentreerdheid begin verander in Christus se begeertes en Christus-gesentreerdheid.

Die deel van die antwoord op Paulus se gebed is dus gelowiges wat deur geloof in Christus se versoeningsdaad, hulle sonde bely en op daardie manier meer gemeenskap met Hom geniet. Die gelowige wat ware gemeenskap met Christus beleef, sê al hoe meer saam met Paulus dat die lewe vir hom/haar Christus is en die sterwe 'n wins (Fil. 1:21).

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Vra vir die Here dat jy jou sonde al hoe meer sal raaksien.
- Vra vir ware berou oor jou sonde.
- Bely jou sondes eerlik en aanvaar die versoening wat Christus gebring het.
- Vra vir die Here dat jou wil en Sy wil een sal word.

KLEINGROEPRIGLYN - WEEK 3

Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken

Koppelgedeelte
(Laat iemand in die groep onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees.)

Hierdie week fokus ons as gemeente in ons gebede op die gebed om die liefde van die Here te ken.

Dit is belangrik om die gebed in konteks van die direk voorafgaande te bid. Slegs waar die Heilige Gees mense innerlik sterk maak sodat Christus in hulle kan woon, kan daar sprake wees van die ware liefde van die Here.

Kom ons stel dit anders: Wanneer die Heilige Gees en Jesus Christus in 'n mens woon dan is hy ook in die liefde gewortel en gegrondves. (Dit sou, soos die 1983-vertaling doen, anders vertaal kon word naamlik dat Paulus bid dat hulle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees, maar ek kies, soos ander vertalings, dat die gebed om die liefde te ken voortspruit uit die feit dat die gelowiges in Christus reeds in die liefde gewortel en gegrondves is).

Vanuit dié posisie moet ons as gelowiges nou bid dat ons sy liefde in sy volle omvang sal begryp en iets van die onverstaanbaarheid daarvan sal ken.

Liefde is 'n allesomvattende begrip wat oral in die Bybel na vore kom. Alles gaan immers oor die liefde tot God en ons naaste. Omdat dit so bekende term is, neig 'n mens om vinnig daaroor te lees – so asof ons klaar oor die liefde gedink het. Kom ons probeer om nuut en vars te dink oor die begrip van liefde soos wat dit in die Bybel voorkom. Uiteindelik kan jy nie net oor liefde dink nie, maar moet jy dit doen om dit te kan verstaan.

Laastens maak Paulus 'n punt daarvan dat diepere begrip van die liefde net bereik kan word waar 'n mens dit biddend saam met ander gelowiges leer ken.

Mag die besinning hieroor daarom nie net teoreties van aard wees nie, maar ook vol van getuienis oor die liefde van God in ons lewens en mag dit verder lei tot die praktiese beoefening van wat ons in die gebed bid.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:

1.1. GEWORTEL en GEGROND in die liefde
1.2. Gebed OM SAAM MET GELOWIGES te groei in begrip en kennis
1.3. Gebed om die VOLLE OMVANG van die liefde te ken
1.4. Gebed dat jy die liefde sal "BEGRYP" en sal "KEN"
1.5. Anzelle Vorster deel met ons haar ervaring van die liefde van God

FOKUS OP MEKAAR (15 - 30 minute)

1. Deel met mekaar of en hoe jou gebedslewe in die fokustyd verander het.
2. Wat kom eerste as ons oor liefde praat – "gevoelens" of "dade"?
3. Deel met mekaar julle ervarings van die liefde van die Here binne die gemeenskap van die gelowiges.

FOKUS OP DIE HERE (45 minute)

Ons met die Here (15 minute)

Sing saam tot eer van die Here.
(Die groep kan self liedere kies of die volgende gebruik. Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.)

Psalm 116
1. God het ek lief, omdat Hy my verhoor.
Ek was beangs; Hy het na my geluister.
Toe ek Hom roep vanuit die dood se duister.
"Heer, red my tog"; het Hy my stem gehoor.

2. God is genadig, Hy hoor my gebed.
Aan hulpeloses bied Hy sy ontferming.
Die magtelose vind by Hom beskerming.
Hy is regverdig, Hy het my gered.

7. Voor almal sal ek Hom my dank bewys.
Ek sal voor God my hou by my beloftes,
en ek betaal Hom altyd my geloftes.
Daar in sy huis sal ek die Here prys

Lied 530
Praat ek mense- engele-tale maar dis nie uit liefde nie,
is my woorde hol simbole, klanke sonder melodie.
Al kan ek geheime uitlê, berge deur geloof versit,
of al het ek al die kennis – sonder liefde is ek niks.

Sonder liefde sal my gawes, al my ywer my nie baat.
Net die liefde, onbaatsugtig, bly oorwin met goed, die kwaad.

Onreg kan dit nie verdra nie, dit is met die waarheid bly.
Deur vergiffenis, hoop verwagting, kom die beste in ons vry.

Al die tale, profesieë, met die tyd gaan dit verby.
Net die liefde, die volmaakte, kom en sal vir altyd bly.
Want geloof gee troos en rigting; na die toekoms reik die hoop.
Liefde is en bly die grootste; Liefde sluit die lewe oop.

Gebedsvoorstel
Oorweeg dit om die hele gebed (vs. 14-21) saam te bid deurdat iemand dit hardop lees en almal in hulle gedagtes saambid.

Die Here met ons (30 minute)

---

1. Laat iemand die hele gebed (vs 14-21) deurlees indien dit nie hierbo gedoen is nie.
2. Laat iemand vers 17b -19a uit die ouer vertaling voorlees waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Laat iemand anders weer vers 17b -19a lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
4. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
5. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan Ds Fanie deur.

Addisioneel
In Efesiërs kom die begrip LIEFDE nog in die volgende verse ook voor: 1:4,5 / 1:15-16a / 2:4,5 / 4:2 / 4:15,16 / 5:1 / 5:25-33 / 6:21-24.
Lees die tekste deur en bespreek oorsigtelik
OF
Laat iemand vooraf 'n gedeelte kies en voorberei waarop die groep dieper ingaan.

VERBINTENIS (15 minute)

My verantwoordelikheid teenoor die wêreld en die skepping

---

1. "Vertaal" die deel van die gebed oor die liefde in julle eie woorde en volgens julle eie behoeftes en BID dit dan vir mekaar en vir die gemeente.
2. "Vertaal" hierdie deel van die gebed in opdragte vir die week wat voorlê en verbind julleself om dit prakties te gaan DOEN.

NOTAS - WEEK 3

Ek kniel sodat julle sy LIEFDE sal ken

1983-VERTALING

[14]Daarom kniel ek in gebed voor die Vader [15]aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.

[16]Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,

[17]dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon

en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

[18]Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. [19]Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan,

en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

[20]Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, [21]aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen

1953-VERTALING

[14]OM hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus,
[15]van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang,

[16]dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlikheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens,

[17]sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon,

julle wat in die liefde gewortel en gegrond is,

[18]en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, [19]en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref,

sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

[20]En aan Hom wat mag het om te doen ver bo alles wat ons bid of dink, volgens die krag wat in ons werk, [21]aan Hom die heerlikheid in die gemeente in Christus Jesus deur alle geslagte tot in ewigheid! Amen.

DIREKTE VERTALING

[14]Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader [15]van wie elke geslag in die hemel en op aarde sy naam ontvang het.

[16]Ek bid dat Hy vir julle na die rykdom van sy heerlikheid dit sal skenk: om deur sy Gees met krag na die innerlike mens versterk te word;

[17]om Christus deur die geloof in julle harte te laat woon,

terwyl julle in die liefde gewortel en gegrond is,

[18]sodat julle volledig in staat mag wees om saam met al die heiliges die breedte en die lengte en die hoogte en die diepte te verstaan, [19]ja, om die liefde van Christus te ken wat alle begrip te bowe gaan,

sodat julle gevul mag word met die volle wysheid van God.

[20]Aan Hom wat die mag het oor alle dinge, aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk in staat is om oneindig meer te doen as alles wat ons bid of dink, [21]aan Hom kom toe die heerlikheid in die kerk en in Christus Jesus deur alle geslagte heen, vir ewig en ewig. Amen.

NEW KING JAMES

[14]For this reason I bow my knees to the Father of our Lord Jesus Christ, [15]from whom the whole family in heaven and earth is named,

[16]that He would grant you, according to the riches of His glory, to be strengthened with might through His Spirit in the inner man,

[17]that Christ may dwell in your hearts through faith;

that you, being rooted and grounded in love,

[18]may be able to comprehend with all the saints what is the width and length and depth and height—
[19]to know the love of Christ which passes knowledge;

that you may be filled with all the fullness of God.

[20]Now to Him who is able to do exceedingly abundantly above all that we ask or think, according to the power that works in us, [21]to Him be glory in the church by Christ Jesus to all generations, forever and ever. Amen.

DAGSTUKKIE 3-1 GEWORTEL en GEGRONDVES in die liefde

Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:7-12

Wanneer die Heilige Gees kragtig in iemand werk en wanneer Jesus Christus in iemand woon, besit daardie persoon die LIEFDE van God.

Voordat Paulus verder bid dat ons gelowiges die liefde van Christus moet begryp en ken, konstateer hy eers met twee perfektum-deelwoorde dat die gelowige die liefde besit. Die perfektum werkwoordvorm dui op die liefde van God wat, deur die geloof in Jesus Christus, eenmalig aan gelowiges gegee word, maar wat gevolge in die lewe van die gelowige het wat tot vandag toe voortduur.

Paulus gebruik twee beelde om die plek van die liefde in die gelowige se lewe aan te dui wanneer hy sê dat die gelowiges in die liefde gewortel en gegrondves is. Die eerste beeld kom uit die natuur en is 'n groot boom in Paulus se gedagtes. Die tweede beeld kom uit die boukuns en is 'n hoë gebou in sy gedagte.

In 'n sekere sin kan die beelde as sinonieme beskou word. Beide beelde dui op permanensie. Beide beelde dui op vastigheid. Beide beelde roep langdurige ontwikkeling op. Beide dui daarop dat die liefde die uitgangspunt van alles moet wees. Die gelowige se hele lewe groei vanuit liefde en word gebou op liefde. Die beelde stem ooreen met Jesus se opsomming van die wet wanneer hy sê dat alles oor die liefde tot God en tot ons naaste gaan.

Die twee beelde het egter ook unieke afsonderlike betekenisse.

Die beeld van 'n groot boom met diep wortels dui op groei en energie. Wortels anker nie net die boom nie, maar word ook die noodsaaklike skakels tussen die water en ander voedingstowwe in die grond en die res van die boom. Vanuit die wortels groei die boom en kry die boom kos.

So voed die liefde die hele lewe van die gelowige. Liefde is die bron waaruit gelowiges energie moet tap vir alles wat hulle doen. Wanneer ons dienswerk vir die Here verval en vervlak in pligpleging, lê die fout moontlik daarby dat ons vergeet het HOEKOM ons doen wat ons doen. Slegs wanneer ons dit weer vanuit die wortels – uit liefde – doen, ontvang ons nuwe energie wat ons ook sal laat volhard. Stoot daarom jou wortels al hoe dieper in die liefde van God in en put uit sy nimmereindigende liefde.

Die beeld van die fondament dui primêr op die vaste basis wat die liefde verskaf vir die gelowige se lewe. 'n Gelowige wie sy lewe op die liefde bou, het 'n standvastigheid wat onwankelbaar is. So 'n gelowige se lewe word nie rondgeskommel deur blote emosie of deur elke wind van dwaalleer nie. Ware groei en opbou kan net plaasvind as daar 'n vaste fondament is. Die fondament van die liefde sal nie kraak of bars nie. Wie op die fonda-

ment van liefde bou, kan seker wees dat niks hom kan losruk uit die hand van die Here nie.

Gebed waarin ons God elke keer weer dank vir sy liefde wat sy Gees in ons harte uitgestort is, bring nie net aan Hom dank nie, maar herinner ons aan die feit dat ons vanuit die liefde kan en moet lewe.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dank God dat ons in die liefde gewortel en gegrondves kan lewe
- Mag die Here gee dat ons deur sy Gees van liefde alles wat ons doen vanuit die basis van die liefde sal doen. Dat dit die motief van ons dade sal wees.

DAGSTUKKIE 3-2 Gebed om SAAM MET GELOWIGES te groei in begrip en kennis

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16

Paulus bid dat hulle, wat in die liefde gewortel en gegrondves is, saam met gelowiges sal groei in hulle begrip en kennis van die liefde van Jesus Christus. (v. 8)

Die gebed impliseer dat die liefde vir die Here en vir ons naaste nooit volledig sal wees nie. Daar is groei nodig. Die boom wie se wortels in die liefde is, moet groei en vrugte dra. Die gebou wat op die fondament van die liefde gebou word, word hoër en hoër.

Ons moet dit nie verstaan dat 'n gelowige meer liefde ontvang nie, maar eerder dat die gelowige meer vanuit die liefde wat deur Jesus Christus en die Heilige Gees gegee word, lewe. Die gelowige moet die rykdom van die liefde ontgin. Dit meer en meer gebruik.

Ons moet nie met die basiese van die liefde tevrede te wees nie, ons moet groei in die begrip en kennis van die liefde en daarvoor is gebed nodig. Daarom bid Paulus dat gelowiges nie tevrede sal wees met hulle begrip en kennis van die liefde nie, maar dat hulle krag sal ontvang om dit steeds meer te begryp en te ken.

Geen mens kan dit uit sy eie krag doen nie. Ons moet krag ontvang. Ons moet in staat gestel word voordat ons kan begryp en kan ken en die krag word deur die gebed aan gelowiges gegee.

Hierdie groei is moontlik vir gelowiges. Net vir gelowiges. Die gebed volg immers op die vra na krag van die Heilige Gees en Jesus wat in harte woon. Hulle, en slegs hulle wat die Heilige Gees, wat die vrug van liefde werk, besit. (v. 16) Hulle, en slegs hulle in wie Jesus Christus, die bewys van God se liefde, woon. (v. 17a) Paulus noem die gelowiges "heiliges". Dit beteken

die mense wat deur die geloof in Jesus Christus vir God afgesonder is en skoongemaak is.

Die goeie nuus is egter dat die begrip en kennis van die liefde van God vir ALLE gelowiges bestem is. Dit is nie net beskore vir sekere belangrike gelowiges nie, omdat alle gelowiges immers deur Jesus Christus geheilig is en aan God behoort. Dit is nie beperk tot die slimmes en wetenskaplikes nie. Ook nie net vir die oues of jonges nie. Elkeen van ons, alle gelowiges, kan dit begryp en ken.

Nog 'n aspek van die gebed wat uitstaan, is dat Paulus weet dat die begrip en kennis van die liefde van die Here nie alleen verkry word nie. Dit kan alleen bereik word saam met al die gelowiges. Die liefde is te groot om deur een mens op sy eie beleef en verstaan te word. Dit is binne die gemeenskap van die heiliges, waar mense saam besig is om God en hulle naaste lief te hê, waar die begrip en die kennis van die liefde groei.

Hierdie gesamentlike kennis en belewing begin by die gebed vir mekaar en die gesamentlike gebed hieroor. Gebed vir mekaar is dalk die grootste bewys dat die liefde van Christus nie net in ons is nie, maar ook dat ons begeer om in begrip en kennis van die liefde te groei.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dank die Vader dat jy nie alleen in die wêreld is nie en dank Hom meer spesifiek vir spesifieke gelowiges wat jou met die liefde van die Here omring.
- Dat die Here jou in staat sal stel om sy liefde teenoor ander mense te bewys.

DAGSTUKKIE 3-3 Gebed om die VOLLE OMVANG van die liefde te ken

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13

Die eerste keer toe ek by die Visrivier-canyon in Namibië gestaan het, het my asem weggeslaan oor die diepte van die gat wat in die aarde oopgespoel is. Dit was asof ek dit nie mooi kon verstaan nie. Asof ek nie my kop daarom kon kry nie. Ek het nog nooit van tevore iets so diep beleef nie. Ek het al lêers in my geheue gehad van iets wat lank en breed en hoog is, maar ek het nog nooit iets so diep gesien nie.

Paulus se gebed om die liefde te begryp en te ken, nooi ons uit om saam met die gelowiges, iets te beleef wat vir die menslike wese nie beskore is om buite Christus om te beleef nie. Dit is amper of hy bid dat ons in die son moet inkyk om die volle dimensies daarvan te kan verstaan.

Die liefde van God in Jesus Christus is onbegryplik. Dit is te groot vir jou

verstand en tref jou direk in die hart. Jy kan dit nie omvat of verstaan nie. Dit is net iets waaroor jy jou kan verwonder. 'n Wonder van God wat ons as mense op aarde en in die hemel nooit ten volle onder beheer kan kry nie. Dit is so groot dat ons hier op aarde, as gevolg van die blindheid van ons sonde, vir altyd nog daarna sal kyk soos iemand wat iets in 'n dowwe spieël sien.

Paulus bid dat die gelowiges in staat sal wees om die volle omvang van God se liefde in Jesus Christus te begryp en ken. Hy gebruik vier woorde, of vier dimensies om dit te beskryf: "Mag julle in staat wees om te begryp hoe WYD en VER en HOOG en DIEP die liefde is."

Kommentators het al baie pogings aangewend om hierdie vier dimensies te beskryf.

Die liefde is so WYD dat dit alle grense oorskry. Dit sluit alle rasse, alle tale en alle kulture in. Dit oorspan die ganse wêreld, elke land en elke kontinent. Die gebed volg immers op die beskrywing in hoofstuk 2 van die wonder dat die liefde Jode en Grieke een nuwe mensheid gemaak het.

Die liefde is so VER of lank dat dit van ewigheid tot ewigheid strek. Die liefde, wat 'n wesenseienskap van God is, bestaan solank as wat God bestaan en dit is van ewigheid tot ewigheid. In sy lied oor die liefde skryf Paulus dat hoewel die gawe van profesie sal vergaan, die liefde nooit sal vergaan nie.

Die liefde is onverstaanbaar DIEP. So diep dat Jesus Christus bereid was om vanuit die hemel neer te daal en as mens Homself tot in die dood te verneder om sondaarmense te red.

Die liefde is HOOG. Dit het 'n dimensie wat beteken dat mense, soos Jesus na sy opstanding, deel sal kry aan die heerlikheid van God in die hemel. Die liefde wat mense in Jesus Christus ontvang en sal ontvang, sal hulle verhef bo die aardse beperkings en sal hulle deel gee aan die heerlikheid van God.

Eintlik dink ek, soos die meeste kommentators meen, dat Paulus eintlik met al die dimensies net hier een ding wil sê – en hy vat dit saam in v. 19 – dat die liefde van die Here die verstand te bowe gaan. Dit is onbeskryflik, onverstaanbaar, ondeurdringbaar en onuitputbaar.

Om deel te kry aan die ervaring van hierdie liefde, vereis dat ons sal begin bid. Dat ons vir mekaar en saam met mekaar sal bid om die oneindige skat van God beter te begryp en te ken.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dat jy, en ons, in staat sal wees om verder in die liefde te wil delf en nooit tevrede sal wees met die vlak van kennis van sy liefde nie.
- Verwonder jou in die gebed aan die liefde van God wat Hy aan jou in Jesus Christus bewys.

DAGSTUKKIE 3-4 Gebed dat jy die liefde sal "BEGRYP" en sal "KEN"

Skrifgedeelte: Romeine 13:8-10

Iemand wat genooi is om aan 'n feesmaaltyd te kom deel, maar net by die venster van die gebou staan en af en toe inloer om te kyk hoe lekker die voorbereide kos lyk, gaan nooit die vreugde smaak om die kos te eet nie. Iets daarvan is waar vir gelowiges wat deur Jesus Christus deel het aan die ontsaglike liefde van God, maar dit nie gebruik en nie daaruit groei of daarop bou nie.

As gelowige kan jy teoreties oor die liefde nadink. Jy kan aanvaar dat jy aan die liefde deel het omdat God die Vader sy Seun gestuur het as bewys van die liefde, en tog kan jy nie eintlik die vreugde beleef om die liefde te begryp en te ken nie. Vir sommige gelowiges bly die liefde iets wat ons op 'n afstand aanskou.

Die gebed van Paulus dat ons saam met gelowiges die totale omvang van die liefde sal begryp en sal ken, is 'n gebed om te groei in die kennis en die belewing van die liefde.

Paulus gebruik doelbewus twee woorde in sy gebed. Mag julle in staat wees om die liefde te BEGRYP (v. 8) en die liefde te KEN (v. 9).

Om die liefde te BEGRYP beteken om dit met jou verstand vas te gryp. Daar is iets van 'n teenstrydigheid in die gebed van Paulus. Hy bid dat die gelowiges dit wat die verstand te bowe gaan, met die verstand sal begryp. Dat ons die onverstaanbare sal verstaan.

Hoewel die liefde die verstand te bowe gaan, gaan dit nie by die verstand verby nie. Bybelse liefde is nie net 'n emosie wat met die hart ervaar word nie, maar is ook iets wat intellektueel begryp kan word. Dit is nie net irrasioneel en emosioneel en sentimenteel nie. Iemand het gesê: "As liefde jou nie laat dink nie, is dit nie ware liefde nie." Jy kan hierdie liefde bepeins, bedink en analiseer en daaroor gevolgtrekkings maak.

Uiteindelik kan die liefde egter nie beperk word tot verstand nie. Daarom bid Paulus ook dat die gelowiges die liefde sal KEN. Die woord vir ken dui op 'n kennis wat deur ervaring en eksperimentering bekom is. Jy kan nie die liefde deur boekekennis opdoen nie. Dit kan nie bloot teoreties nagevors word nie. Die liefde is bedoel om beoefen en beleef te word.

Jy sal die liefde net ken as iemand dit aan jou bewys en miskien nog te meer, as jy dit aan iemand bewys. Waar liefde nie beleef en uitgeoefen word nie, bestaan dit nie. Jy kan nie sê dat jy iemand liefhet en niks daaraan doen nie. Sulke liefde is nie liefde is nie.

Die gebed om begrip en kennis van die liefde maak ons dus, soos alle gebede, nie passief nie, maar roep ons op om die liefde in praktyk te deurdink en te beoefen. Die pad van groei in die kennis van liefde is 'n pad van ontdekking en ervaring. Dit is om ingesuig te word in 'n heerlike spiraal

van liefde wat by God begin en dan deur mense terugweerkaats word na God en na mense toe. Die liefde wek wederliefde wat weer tot liefde lei.

Ek kniel voor die Vader dat jy die onbegryplike liefde van God kan begryp en ken. Bid dit asseblief ook vir my.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dat die Here ons gedagtes sal nuut maak sodat ons die liefde van die Here al hoe meer sal kan deurdink en verstaan.
- Dat die Here deur sy Gees ons sal aanvuur om beoefenaars van die liefde te wees sodat liefde nie net iets teoreties sal wees nie, maar dat ons dit sal ken deur dit te ervaar.

DAGSTUKKIE 3-5

Anzelle Vorster deel met ons haar ervaring van die liefde van God: Niks kan my van die onbegryplike liefde van die Here skei nie

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39

Wanneer die storms van die lewe om 'n mens woed is dit so maklik om oorweldig te word deur 'n tsunami van selfbejammering... Wanneer die donker wolke van desperate verlatenheid ons omsingel en dreig om ons Lig te verdoof, is dit soms moeilik om sin te maak van ons omstandighede.

Vandag is ek dankbaar vir elke storm in my lewe, juis omdat ek soveel dimensies van God se liefde leer ken het.

Nie gestremdheid of kanker of die dood van my kind en my pa en my broer en my skoonpa kan my skei van Sy liefde nie. Hy troos en gee 'n vrede wat ek vir niemand kan verduidelik nie – asof Hy self my hart en siel aanmekaar hou wanneer alles om my stukkend is.

My seer gebeur nie oor God my wil straf nie. God het my so lief dat Hy reeds lank gelede Sy Enigste Seun aan die kruis laat sterf het, vir al my sondes.

God gebruik nie noodwendig my seer om vir my 'n les te leer nie. Hy is vir ander mense net so lief soos wat hy vir my is en wil my en my omstandighede soms as instrument gebruik om ander mense te help om die omvang van Sy liefde te leer ken.

God se liefde gee my die versekering dat ek goed genoeg is. Hy het elke dimensie van my menswees perfek beplan en met detail aanmekaar geweef in my ma se skoot. Ek het geleer dat selfs my stukkende Jana-kind perfek geskape is volgens Sy volmaakte plan vir haar lewe – God maak nie foute nie.

Wanneer ek moeg en depressief raak omdat ek nie meer kan of wil nie,

roep ek net en Hy is daar. Uit liefde was en is Hy altyd daar – ek moet net my afhanklikheid besef en bely dat ek uit eie krag nie my man kan staan teen die storms van my lewe nie. Sy krag kom juis tot volle werking wanneer ek moedeloos en swak is.

Sy liefde gee my krag vir elke dag en die moed om voluit te lewe. God wat hemel en aarde en alles gemaak het, is dieselfde God wat oor elke klein detail van my lewe beskik. As hierdie magtige God vir my en by my is, waarom sal ek my verder steur aan dié wat teen my is?

God vra van my om Hom met alles in my lewe volkome te vertrou. Dis nie altyd vir my maklik nie en God weet dit. Hy verwag egter nie dadelik volle oorgawe nie. Ek het geleer dat baba-treetjies goed genoeg is – een dag op 'n slag. Ek het die blye versekering dat Hy, juis omdat Hy vir my lief is, elke dag vars nuwe Genade oor my pad sal stuur.

My beproewings strek baie verder en dieper en seerder as wat ooit binne my vermoëns was of sal wees. God tel my elke keer op en dra my en gee my krag.

God ken my hart en weet wanneer my juk vir my te swaar raak… Dan stuur Hy uit liefde mense oor my pad wat kan help dra. My God se liefde word tasbaar en sigbaar wanneer ek kyk na my hartsmense wat my lewensreis met my deel.

Sy liefde gee my 'n rustige gemoed en vrede in die wete dat, wanneer die volgende storm opsteek oor die oop see van my lewe, Hy saam met my in my lewensbootjie sal wees.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dank God dat hy deur beproewings heen mense deur die geloof in sy liefde vashou
- Bid vir hulle wat in beproewing verkeer. Dat die liefde van die Here – ook deur sy mense – vir hulle sigbaar sal wees.

KLEINGROEPRIGLYN - WEEK 4

Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD

Koppelgedeelte
(Laat iemand in die groep onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees.)

Ons kom die week by die hoogtepunt van die inhoud van die gebed van Paulus. Mense het dit al as die hoogste bergpiek van die gebed beskryf. Daar is niks hoër of groter wat jy iemand kan toebid en wat jy self kan beleef nie as om vervul te word met die volheid van God.

Alles in die gebed tot hiertoe bou op na die klimaks. Om deur die Heilige Gees innerlik sterk te word sodat Christus in jou kan woon. Om dan gewortel en gegrondves te wees en daaruit die liefde van God te ken, het die gevolg dat gelowiges vervul word met die volheid van God.

In 'n sin is die woorde van die gebed ondeurdringbaar en onverstaanbaar. Ons sal dit eers eendag ten volle verstaan wanneer ons nie meer soos in 'n dowwe spieël 'n raaiselagtige beeld sien nie. Dan sal ons God sien soos Hy is en in sy heerlikheid deel.

In 'n andere sin is dit egter vir ons as gelowiges hier op aarde al beskore om vervul te word met die volheid van God. Anders sou Paulus dit sekerlik nie gebid het nie. Ons mag nie maar tevrede wees met die feit dat ons tot geloof gekom het nie, maar moet streef, soek en bid vir verdere groei in ons verhouding met God.

Hiervoor moet ons bid, want verstaan kan ons dit nie en uit ons eie krag kan dit verseker nie gebeur nie.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:

1.1. GROEI in jou verhouding tot God
1.2. Wat dit NIE beteken om vervul te word met die volheid van God nie
1.3. Wat dit WEL beteken om vervul te word met die volheid van God
1.4. HOE om vervul te word met die volheid van God
1.5. Jan Geertsema deel met ons sy ervaring van groei in verhouding met die Here

FOKUS OP MEKAAR (15 - 30 minute)

1. Deel met mekaar of, en hoe jou gebedslewe in die fokustyd verander het.
2. Deel met mekaar van 'n tyd of geleentheid in jou lewe waar jy die teenwoordigheid van die Here besonderlik ervaar het – of nie ervaar het nie.
3. Wat dink julle beteken dit om vervul te wees met die volheid van God?

FOKUS OP DIE HERE (45 minute)

Ons met die Here (15 minute)

Sing saam tot eer van die Here
(Die groep kan self liedere kies of die volgende gebruik. Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.)

Psalm 112
God wat oorvloed het, voorsien;
ryk is elkeen wat Hom dien.

1. Luister hy na sy gebod,
vind hy vreugde in sy God.
God gee hom 'n nageslag
in die land, 'n sterke krag.
God wat oorvloed het, voorsien;
ryk is elkeen wat Hom dien.

112:2. Al sy dade die hou stand
en is blywend in die land.
Ook aan ander doen hy reg;
uit sy volheid gee hy weg.
God wat oorvloed het, voorsien;
ryk is elkeen wat Hom dien.

112:3. Hy sal altyd onbevrees,
veilig, seëvierend wees.
Magteloos smag dié daarna
wat hul goddeloos gedra.
God wat oorvloed het, voorsien;
ryk is elkeen wat Hom dien.

Skrifberyming 2-4
1. Wat 'n liefde^en volheidslewe,
waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe
dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié
wat uit God gebore^is, nie,
het die kennis van die Heer nie
as hul hoogste goed begeer nie.

2. Wat die Heer nog meer vervul het,
bly verborge; tot dié stond
ál die wonders ons onthul het
van die eewge vree-verbond.
Ja, wanneer die Here kom,
dan word ons gelyk aan Hom,
want ons sal in klare^omlyning
Hom aanskou in sy verskyning.

Gebedsvoorstel
Oorweeg dit om die hele gebed (vs. 14-21) saam te bid deurdat iemand dit hardop lees en almal in hulle gedagtes saambid.

Die Here met ons (30 minute)

1. Laat iemand die hele gebed (vs. 14-21) deurlees indien dit nie hierbo gedoen is nie.
2. Gee mekaar die geleentheid om te sê wat in die gebed, "sodat julle heeltemal vervul word met die volheid van God" julle TREF.
3. Gee mekaar geleentheid om te sê watter vraag die gebed, "sodat julle heeltemal vervul word met die volheid van God" by julle opwek.
4. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
5. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan Ds Fanie deur.

Addisioneel
In Efesiërs kom verwante gedeeltes tot hierdie gebed in die volgende verse ook voor: 1:9-11 / 1:22,23 / 4:13-16 / 5:18-21
Lees die tekste deur en bespreek oorsigtelik
OF
Laat iemand vooraf 'n gedeelte kies en voorberei waarop die groep dieper ingaan.

VERBINTENIS (15 minute)

My verantwoordelikheid teenoor die wêreld en die skepping

1. "Vertaal" die deel van die gebed oor die vervulling met God in julle eie woorde en volgens julle eie behoeftes en BID dit dan vir mekaar en vir die gemeente.
2. "Vertaal" hierdie deel van die gebed in opdragte vir die week wat voorlê en verbind julleself om dit prakties te gaan DOEN.

NOTAS - WEEK 4

Ek kniel sodat julle vervul kan word met die VOLHEID VAN GOD

DAGSTUKKIE 4-1 GROEI in jou verhouding tot God

Skrifgedeelte: Hebreërs 5:11-12:3

Waarom sou Paulus die gebed vir die gemeente in Efese en ander gemeentes bid? Waarom sou ons hierdie fokustyd op hierdie gebed van Paulus fokus?

Omdat 'n gelowige nooit mag stagneer in sy geloof en tevrede mag wees om 'n klein kindjie in die geloof te bly nie. Daar is wonderlike hoogtes om te bereik in die geloofslewe. Deur gebed vir mekaar kan ons hoër bergpieke bereik. Ons kan selfs 'n lewe lei waarin ons vervul is met die volheid van God.

Alles in die gebed tot dusver loop uit op hierdie hoogtepunt en klimaks. Die "sodat" waarmee die laaste bede begin, wys terug oor al die vlaktes en al die pieke van die gebed tot hiertoe. Daar is niks groter wat jy vir iemand kan toebid nie. Daar is niks meer vervullend vir die mens om te bereik as om vervul te word met die volheid van God nie.

Hoewel ons dit eers eendag, na hierdie lewe op aarde, werklik in sy volle omvang sal bereik, kan ons dit reeds op aarde ook beleef. Dit is binne ons bereik om nou reeds iets van die vervulling met God se volheid te beleef.

Die verskil tussen 'n groef en 'n graf is net die diepte. Jy moet net nog 'n paar keer in dieselfde groef loop voordat dit diep genoeg word om daarin begrawe te word. Dit geld ook vir die geloofslewe van elkeen van ons. Al te maklik verval ons in vaste gebruike, gewoontes en selfs jarelange tradisies, asof dit die enigste manier is om God te dien.

Ons dink dat dit net nodig is om 'n paar dinge te doen om in die regte verhouding met God te lewe. Solank ons tafelgebede doen, huisgodsdiens hou, Bybel lees en twee keer op 'n Sondag eredienste bywoon, dan is ons tevrede dat ons verhouding reg is. Solank ons elke week deur dieselfde rituele gaan, dan is alles skynbaar goed. So maklik word hierdie gebruike en gewoontes – hoe goed dit ook al bedoel word – leë simbole en gebruike wat hol en sonder betekenis is in ons verhouding met die Here.

Ons raak tevrede met die vlak van kennis van God wat ons het en dan is daar nêrens meer groei en verandering nie. Ons sien dit byvoorbeeld wanneer jong mense belydenis van geloof afgelê het en daarna nêrens weer betrokke is nie. Hulle leer en groei in die geloof totdat hulle belydenis aflê, maar dink dan dat hulle gearriveer het en hou dan op groei.

So asof 'n verhouding – enige verhouding – net tot op 'n punt kan groei en dan vanselfsprekend vir altyd op daardie vlak kan bly. Net soos wat 'n boom óf groei óf besig is om te vrek, net so groei 'n verhouding óf kwyn 'n verhouding. Dit geld ook vir ons verhouding met God.

Mag ons jou uitnooi om saam met ons op ons knieë te gaan en te bid. Aan te hou bid en nie op te hou voordat ons hierdie bergpiek bereik het

nie. Aan te hou bid totdat ons dit ervaar om met die volheid van God vervul te word.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dat die Here die begeerte in ons sal wek om aan te hou groei.
- Dat ons godsdiens as 'n verhouding met God sal beleef en nie net as 'n klomp dinge wat ons moet doen nie.

DAGSTUKKIE 4-2 Wat dit NIE beteken om vervul te word met die volheid van God nie

Skrifgedeelte: Jesaja 40:25-31

Wat sou dit beteken om vervul te word met die volheid van God?

Kom ons sê vir 'n begin dat ons hier, soos in ons hele verhouding met God, nie moet probeer om bloot rasioneel hieroor na te dink nie. Om vervul te wees met die volheid van God is en sal 'n misterie bly. Geen menslike verstand sal dit kan deurgrond nie en geen mens sal die volle diepte daarvan kan ervaar nie.

Miskien is dit goed om eers te sê wat ons nie daaronder moet verstaan nie.

Om vervul te wees met die volheid van God beteken NIE dat ons soms, of selfs gereeld, een of ander mistieke belewenis moet hê nie. Dit gaan nie oor buitengewone ervarings waar ons as't ware uit hierdie wêreld uit geneem moet word nie. Ook impliseer vervulling met God nie dat ek op een of ander wyse in God opgeneem moet word en dus minder mens is as wat ek is nie.

Die gebed gee ook nie regverdiging aan 'n filosofiese rigting wat die Panteïsme genoem word en wat beweer dat God in alles is nie. Volgens hulle is God in die natuur en in die mens. Hy staan dan nie los van die skepping as 'n identiteit op Homself nie, en is daarom ook nie verhewe bo sy skepping nie.

Nie een van die bostaande is moontlik nie. Net soos wat jy nie die hele see in een koeldrankbottel kan gooi nie, net so kan die grootheid van God nie in die liggaam van die mens ingeperk word nie.

Ek sê dit omdat ek meen dat die mens in sy wese hierdie sondige drang in hom besit om soos God, of selfs God self te wil wees. Die versoeking van die duiwel aan Adam en Eva, wat tot die sondeval gelei het, lê juis op hierdie vlak. Die mens is nie in sy wese tevrede om ondergeskik aan God te wees nie. Die mens wil God wees.

Dit is allermins wat Paulus met die uitdrukking bedoel. God bly God en

mens bly mens. God bly altyd groter as die mens en staan los van sy skepping. Hy bly die een wat onderhou en regeer. Die mens gaan nooit God word nie en God gaan nooit die mens word nie.

Daar is sekere eienskappe van God wat nooit aan die mens oorgedra kan en gaan word nie. God se almag, sy alomteenwoordigheid, sy alwetendheid en sy onveranderlikheid is byvoorbeeld eie aan Hom. Die mens sal nooit die volheid van God se heerlikheid en glorie kan bereik nie.

Laat ons in die gebed dus altyd nederig wees. Paulus, wat tog sekerlik iets van die vervulling van die volheid van God self beleef het, sak juis op sy knieë wanneer Hy daaroor bid. Wie die vervulling ken en beleef, sal juis in nederigheid voor die Here buig in die besef dat die mens maar klein en nietig is en so bly.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dat ons God sal prys omdat Hy groot, almagtig en ver verhewe bo sy skepping en ons as mense is.
- Dat die invloede van dwalinge wat God kleiner wil maak as wat Hy is, nie ons kennis van Hom sal infiltreer nie.

DAGSTUKKIE 4-3 Wat dit WEL beteken om vervul te word met die volheid van God

Skrifgedeelte: Kolossense 2:6-15

In die vorige dagstukkie het ons genoem wat die vervulling deur God nie beteken nie. Kom ons kyk vandag na wat dit wel beteken.

Hoewel jy die see nie in 'n bottel kan inpas nie, kan jy wel van die see in 'n bottel ingooi. Al die elemente van die see, water, soute en minerale, sand ensovoorts, is dan volledig in die bottel teenwoordig. Jy kan dus sê dat die volheid van die see in die bottel is. So is dit met die vervulling van die volheid van God.

Om verder met die beeld te gaan: Indien jy 'n klein botteltjie en 'n groter botteltjie en 'n nog groter bottel met die see volmaak, is al drie bottels vol met die see, hoewel elke bottel nie ewe veel van die see het nie.

Ons moet die vervulling dus verstaan as "kwalitatief" en nie "kwantitatief" nie. Elke gelowige kan vol wees met die volheid van God sonder dat dit beteken dat elkeen op dieselfde manier of in dieselfde mate vervul is. 'n Gelowige kan daarom op 'n bepaalde tyd vervul wees en deur sy lewe steeds verder vervul word.

Dit beteken dat gelowiges nie almal dieselfde word wanneerhulle vervul word nie. Elkeen bly die persoon wat hy of sy is, met die gawes wat die Here

aan daardie spesifieke persoon gee. Dit impliseer dat jonk en oud, geleerd en ongeleerd, hiperintelligent of verstandelik gestremd, vervul kan word met die volheid van God.

Om vervul te word met die volheid van God beteken eenvoudig gesê om onder beheer van God te wees. Om jouself – jou hele wese – onder die invloed van God te stel. Om met jou hele hart, jou hele verstand en al jou kragte God lief te hê. Elke "fakulteit" van jou lewe moet ondergeskik en in diens van God gestel word.

Dit beteken dat jy niks sal dink, doen en ervaar buite God en sy betrokkenheid daarby nie. Dit beteken om naby God te lewe, so onder sy invloedsfeer dat sy wese jou oorspoel en alles in jou lewe beïnvloed. Om soos Henog en Abram en Moses in die teenwoordigheid van die Here te wandel.

Dit is om die oordraagbare eienskappe van God deel van jou wese te laat word. Dat jy iets sal beleef en sal uitleef van God se regverdigheid, sy genade, sy omgee en selfs sy heerlikheid.

Dit is om al hoe meer vervul te word met die Heilige Gees en dat die vrug van die Heilige Gees al hoe meer in ons lewe sigbaar sal word. Dat ons al hoe meer sal lewe vanuit liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Dit beteken dat ek al hoe meer die beeld van Jesus Christus sal begin vertoon. Dit beteken dat ek die beeldskap van God, waarin ons geskape is, al hoe meer en meer sal vertoon. Dat ek werklik weer sy verteenwoordiger op aarde sal wees en iets sal weerkaats van God se regverdigheid en heiligheid na wie se beeld ek geskape is.

Wie so daaroor nadink, sal nie anders kan as om op sy knieë te val en hiervoor te begin bid nie. Geen mens kan dit uit eie krag bereik of ervaar nie. Bid dit, nie net vir jouself nie, maar ook vir die gemeente.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dat ons al hoe meer onder die invloed van die Heilige Gees sal lewe en die vrug van die Gees sal vertoon.
- Dat ons elke dag bewustelik sal lewe in die wete dat ons verteenwoordigers van God op aarde is en die beeld van Jesus moet vertoon.

DAGSTUKKIE 4-4 HOE om vervul te word met die volheid van God

Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26

Daar bestaan by ons 'n geneigdheid om die godsdiens grotendeels te teoretiseer en om daarom nooit by die praktyk daarvan uit te kom nie. Ons moet versigtig wees om nie aan hierdie geneigdheid toe te gee wanneer

ons met die diep en ondeurdringbare gebed van Paulus besig is nie.

Ons kan so 'n gedeelte maklik, by wyse van spreke, van die een kies na die ander rondgooi en probeer fyn kou. Ons kan lang gesprekke daaroor hê, maar nie verder as die woorde daarvan kom nie. Uiteindelik kom die Woord dan nie by konkrete werklikheid uit nie en dan het dit weinig waarde. Die duiwel verlustig hom in gelowiges wat net in die teorie van God en sy Woord, hoe mooi ook al, vasval. Onthou dat die duiwel God ook ken, maar dat dit hom laat sidder. (Jak. 2:19)

Hoe word ek vervul met die volheid van God?

Begin by die begin. Dit is net beskore vir mense wat God se genade in Jesus Christus ontvang het. Vervulling met God begin by die kruis van Jesus Christus en daarom moet ons elkeen elke dag weer die wonder van God se verlossing besef. Ons moet opnuut besef dat ons eintlik reeds in Jesus Christus die volheid van God ontvang het (Kol. 2:9).

Tog bly 'n kindjie wat gebore is, hoewel volledig mens, nie vir altyd 'n kleintjie nie. Hy groei en word groter. So bly 'n gelowige wat tot geloof gekom het en in Jesus Christus die volheid van God ontvang het, nie in sy verhouding met God 'n kind nie. Soos die kind groter word, so moet hy ook groei in vervulling met die volheid van God.

Die vervulling met die volheid van God sal net daar wees waar die gelowige die begeerte het om meer en meer vervul te word met die volheid van God. Dit sal net daar wees waar die gelowige doelbewus daarna streef om volmaak te wees soos wat sy hemelse Vader volmaak is. (Mat. 5:48) As jy dit nie najaag nie, sal jy dit nie kry nie. As dit nie iets is wat jy bitter graag wil bereik nie, sal jy dit nie bereik nie.

Vervulling met die volheid van God kan verder nie gebeur wanneer daar slegs op een van die drie Persone van God gefokus word nie. Onthou al die dinge wat die bede om vervulling met God vooraf gegaan het. Vervulling vind net plaas waar daar begrip en kennis van die liefde is. Dit vind net plaas waar Jesus Christus in jou woon en dit vind net plaas wanneer die Heilige Gees jou innerlike mens versterk. God die Vader, die Seun en die Heilige Gees is by die saak betrokke.

Verder vind die vervulling met die volheid van God net plaas binne in die gemeenskap van gelowiges. Groei in jou verhouding met God vind plaas tussen gelowiges. Voeg jou dus doelbewus tussen gelowiges. Woon eredienste by. Sluit aan by 'n kleingroep of Bybelstudiegroep. Bestudeer die Skrif saam met jou eggenote en jou gesin. Buite die sirkel van gelowiges, sal jou groei in jou verhouding beperk en hoofsaaklik teoreties wees.

Stel elke "fakulteit" van jou lewe tot beskikking van God en onder beheer van God. Dit sluit jou denke, jou emosies en jou wil in. Vra jou voortdurend af of iets vir God aanneemlik is en lewe in gehoorsaamheid aan God. (Ef. 5:10)

Bid om vervulling. Jy kan nie vervul word met die volheid van God as jy nie bid nie en as jy nie in 'n biddende verhouding met Hom lewe nie. Ons

bid te min. Begin daarom om daagliks daarvoor te bid. Moenie net vir jou liggaamlike behoeftes bid nie, maar bid veral vir groei in jou verhouding met die Here. Bid voortdurend vir vervulling met die volheid van God.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Mag ons die rykdom en volheid van die Drie-eenheid van God al hoe meer leer ken.
- Mag die Here ons al hoe meer biddend – knielend voor Hom laat lewe

DAGSTUKKIE 4-5 Verdieping in my verhouding tot God (Jan Geertsema)

Skrifgedeelte: Filippense 3:7-16

Die volle bewustheid daarvan dat ek in verhouding met die lewende God is, is van sentrale belang vir 'n Christen. 'n Goeie verwoording daarvan is: "Ek behoort aan God" (Rom. 14:8). Hy my Vader, ek sy kind. Ons praat hier van 'n onverganklike band wat God van ewigheid af, deur ons Here Jesus, gelê het. Dit is vervulling van 'n diepe menslike behoefte om te behoort en nie alleen te wees in hierdie ontsaglike werklikheid nie. 'n Verhouding met 'n Persoon, met God self, en nie met 'n saak nie, nie met 'n kerk nie, nie met 'n belydenis nie, nie met 'n organisasie nie. Om in verhouding met God te staan is die allerbelangrikste en alle ander dinge, hoe godsdienstig ook, vervaag in vergelyking daarmee.

Die band met God is nie net 'n verstandelike band nie, maar veral 'n band van die hart, 'n gevoelvolle band. Dis 'n band van liefde, wat God begin het deur eerste lief te hê (Joh. 3:16). Hy gebied my dan ook om Hom met my hele wese lief te hê en my naaste soos myself. Dis twee gebooie wat ten nouste saamhang, maar dit begin met die verhouding van liefde tot God. Die band met God dra terselfdertyd die stempel van dankbaarheid – dankbaarheid om aan Hom te behoort. Liefde en dankbaarheid wat albei so kenmerkend van die lewe van 'n gelowige is.

So 'n band van liefde en dankbaarheid dring tot die verinniging daarvan en tot die groter belewing van die nabyheid tot God en om die lewende God beter te ken. Dit dring tot verdieping en groei in die verhouding tot God. Van groot belang in hierdie verdieping, is die raaksien daarvan hoe die Woord van God die heerlike geheimenis van die omgang met Hom, wat vir mense so moeilik is om te verstaan, in talle wonderlike beelde verduidelik. Beelde om oor na te dink en toe te eien. Die Psalms is 'n ryke bron van sulke beelde: Die Herder en sy skape (Ps. 23), die wildsbok wat smag na water (Ps. 42), die son wat sy lewewekkende hitte na ons uitstraal (Ps. 84).

Ook die res van die Skrif is vol van sulke beelde – dink aan die gelykenisse van die Here Jesus. Die nadenke en prediking hieroor bring die betekenis van die band met God uit en belig die dieper aard daarvan, wat weer lei tot groei en groter belewing. Daar is 'n ryk literatuur van Christenskrywers oor die eeue wat hierop fokus en wat insiggewende en deurleefde toeligting gee. Ou woorde wat mens in hierdie werke raaklees is "godsvrug", "vroomheid" en "spiritualiteit", betekenisryke woorde wat in ons tyd weer opgediep word.

Die dieper belewing van die band met God vind 'n hoogtepunt in die gebed van 'n gelowige. Om persoonlik te bid en die noue verhouding met God aktief te ervaar, is 'n wondergawe van God. Daarom is dit so belangrik om in die gejaagde lewe van vandag, genoeg tyd opsy te sit om in stilte en rus met God in gebed en in nadenke te verkeer.

Deelname aan eredienste van die kerk van die Here saam met die medegelowiges speel hierin 'n onmisbare rol, maar die persoonlike belewing van die verhouding tot God is primêr. Juis dit kom nou weer sterk op die voorgrond, omdat daar 'n besef gekom het dat ons kerke hierdie aspek oor die jare verwaarloos het. Dis wesenlik nodig dat die ware betekenis van "ek behoort aan God" opnuut tot ons elkeen deurdring. Niks is waardevoller as om die "skat in die akker" (Matt. 13:44), die Koninkryk van God, die band met God deur die Here Jesus en deur die werking van die Heilige Gees te vind, te besit en die verdieping daarin te ervaar nie.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dat ons nooit sal vergeet dat godsdiens oor 'n lewende verhouding met Vader, Seun en Heilige Gees gaan nie.
- Dat die Here vir ons tyd sal gee om te bid want sonder gebed is daar nie sprake van 'n verhouding nie.

KLEINGROEPRIGLYN - WEEK 5

Ek kniel sodat God geëer kan word

Koppelgedeelte
(Laat iemand in die groep onderstaande aan die begin van julle byeenkoms hardop voorlees.)

In hierdie week fokus ons op die eer en heerlikheid wat aan God behoort. In hierdie gebed is daar 'n natuurlike oorgang van voorbidding na lofprysing. As ons dink aan al die wonderlike gawes waarvoor daar in hierdie gebed gevra word, kan ons nie anders as om God te loof nie. Hy is immers ons hemelse Vader en die een Persoon wat die mag het om oneindig meer te doen as wat ons kan bid of dink.

In Efesiërs word die ere of die bevoorregte posisie van die kerk 'n paar keer beskryf. Die hoogtepunt is die voorreg wat ons het om saam met Christus op die voorpunt te staan van almal en alles wat die Here behoort te loof.

Mag die Gees gee dat ons in hierdie week sal groei in ons verwondering oor die eer en heerlikheid van ons hemelse Vader.

Die dagstukkies hierdie week handel oor:
1.1. Alles tot eer van God
1.2. Ons Vader, wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink
1.3. Heerlikheid wat geopenbaar is
1.4. God sal die goeie voltooi wat Hy in ons begin het
1.5. Mias Smit deel met ons sy ervaring van hoe God geëer moet word

FOKUS OP MEKAAR (15 - 30 minute)

1. Deel met mekaar of en hoe jou gebedslewe in die Fokustyd verander het.
2. Deel met mekaar waaroor julle die Here gereeld loof.
3. Wat dink julle is ons as gemeente se rol in hoe die Here hier op en oor die Bult geëer behoort te word?

FOKUS OP DIE HERE (45 minute)

Ons met die Here (15 minute)

Sing saam tot eer van die Here
(Die groep kan self liedere kies of die volgende gebruik. Iemand sou dit ook bloot kon voorlees.)

Psalm 150

150:1 Loof God, loof sy Naam alom!
Loof Hom in sy heiligdom!
Loof die HEER se grote mag
in die hemel van sy krag!
Loof Hom om sy moëndhede,
om die menigvuldigheid
van sy mag en majesteit –
voor sy troon en hier benede!

150:2 Loof God met basuingeklank!
Gee Hom eer, bewys Hom dank!
Loof Hom met die harp en luit!
Loof Hom met die trom en fluit!
Loof Hom met die blye snare!
Al wat klank het – laat dit hoor,
laat dit opklink uit die koor
van 'n juigend-blye skare!

150:3 Loof God – dit is sy bevel –
met die helder simbelspel!
Loof Hom met die klinkmetaal
van die vrolike simbaal!
Loof die HEER en gee Hom ere –
al wat kruip en roer en sweef,
al wat asem het en leef!
Halleluja, loof die HERE!

Lied 169

1. Heilig, heilig, heilig,
Heer, God Almagtig.
Groot is u troon, U is steeds met lof omring!
Heilig, heilig, heilig, liefderyk, genadig,
u troon is steeds met lig en lof omring!

2. Heilig, heilig, heilig, Heerser vir ewig;
groot is u Naam, U die Vader, Seun en Gees.
Grote God ons eer U, met u hele skepping,
U wat in liefde God regverdig is.

3. Heilig, heilig, heilig, Heer, so weldadig,
groot is u guns, want U buig U tot ons neer!
Heilig, heilig, heilig, magtig en genadig.
U wás en ís en sál vir ewig wees.

Gebedsvoorstel

Oorweeg dit om die hele gebed (v. 14-21) saam te bid deurdat iemand dit hardop lees en almal in hulle gedagtes saambid.

Die Here met ons (30 minute)

---

1. Laat iemand die hele gebed (v. 14-21) deurlees indien dit nie hierbo gedoen is nie.
2. Laat iemand vers 20-21 voorlees, waarna elkeen 'n geleentheid kry om iets te sê wat hom of haar uit die gedeelte GETREF het. Die stelling moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
3. Laat iemand anders weer vers 20-21 lees en gee geleentheid vir elkeen in die groep om 'n VRAAG te vra uit die gedeelte. Die vraag moet aan 'n bepaalde vers gekoppel wees.
4. Bespreek van die vrae wat uit die groep na vore gekom het.
5. Stuur die vrae sodra die byeenkoms klaar is, maar nie later nie as Vrydag, per e-pos aan ds. Willem deur.

Addisioneel

In Efesiërs kom verwante gedeeltes tot hierdie gebed in die volgende verse ook voor: 1:9-11; 1:16b-19a; 5:25-27; 5:18-21
Lees die tekste deur en bespreek oorsigtelik

OF

Laat iemand vooraf 'n gedeelte kies en voorberei waarop die groep dieper ingaan.

VERBINTENIS (15 minute)

My verantwoordelikheid teenoor die wêreld en die skepping

1. "Vertaal" die deel van die gebed oor die eer van God in julle eie woorde en volgens julle eie behoeftes en BID dit dan vir mekaar en vir die gemeente.
2. "Vertaal" hierdie deel van die gebed in opdragte vir die week wat voorlê en verbind julleself om dit prakties te gaan DOEN.

NOTAS - WEEK 5

Ek kniel sodat God geëer kan word

DAGSTUKKIE 5-1 Alles tot eer van God

Skrifgedeelte: Openbaring 6:9-17

Alles tot eer van God. Hoe sal ons ooit in woorde kan beskryf hoe wonderlik die gawes is waarvoor Paulus in hierdie gebed vir die gelowiges gebid het? Hy het gevra dat die Gees aan hulle, na die mate van God se heerlikheid, krag sal gee om innerlik sterk te word. Hy het gevra dat Christus deur die geloof in hulle hart sal woon. Hy het gevra dat hulle die wydte en hoogte en diepte van Christus mag ken en begryp. Hy het gevra dat hulle gevul mag word met die volheid van God. Daar is niks beter of groter wat hy biddend kon vra nie. Dan is daar nog die wonder dat die Gees vir Paulus gelei het om hierdie dinge van die Vader te vra. Al hierdie gawes is gawes wat die Vader aan sy kinders wil gee.

Hoe merkwaardig! Hoe vêr bo alles wat ons kan verstaan: dat ons hemelse Vader uit genade in Christus hierdie dinge aan ons wil skenk. Geen mens kon ooit hierdie dinge verdien nie. Nooit kan ons in eie reg aanspraak maak op hierdie gawes nie. Dis alles net genade.

Daarom kniel Paulus voor God sodat Hy geëer kan word. Voorbidding lei tot lofprysing. Wanneer ons die voorreg aangryp om met vrymoedigheid na die Vader toe te gaan, kan ons nie anders as om die Vader wat ons na Hom toe nooi te wil loof en prys nie.

In hierdie laaste week van die Fokustyd is dit my hoop dat hierdie lofprysing aan die Here ons elkeen opnuut weer tot die besef sal bring dat die eer van God voorop staan in alles. Hoe meer die Vader hierdie gebed (Ef. 3:14-21) vervul, hoe meer sal ons deur die krag van die Gees besef dat ons verlossing en die nuutmaking van die hele skepping en die vernietiging van die Bose alles tot die eer van God strek.

Wanneer ons Here Jesus vir Johannes die openbaring gee van die eindtyd en die heerlikheid wat kom, staan die troon van ons hemelse Vader en die Lam van God in die middelpunt van alles wat gebeur. God is die middelpunt, en om Hom is die kerk en die hele skepping besig om Hom te loof.

Wie God is, en die verlossingswerk wat Hy deur sy Seun en sy Gees doen, loop uit op die loflied: "*Amen! Die lof en die heerlikheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen!*" (Op. 7:12).

Nou is die enigste vraag: Is dit ook jou hartsbehoefte – wil jy saam sing?

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Bewaar ons elkeen dat ons nie die gawes waarvoor Paulus hier bid, sal najaag net om onsself te probeer verbeter nie.
- Gee dat die eer aan God altyd ons hoogste vreugde sal wees.
- Gee dat ons al hoe meer in staat sal wees om God te eer en verheerlik.

DAGSTUKKIE 5-2

Ons Vader, wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink

Skrifgedeelte: Esegiël 37:1-14

Hoe klein word ons nie wanneer ons te staan kom voor die krag van God, die Almagtige, nie? Ons kom so maklik in situasie waar ons magteloos is. Soveel keer moet ons besef dat ons geen vermoë het om lewens te verander nie – na alles kan iemand wat dood is in sy sonde mos nie net besluit om weer lewendig te word nie.

So het die profeet Esegiël besef hoe beperk ons as mense se vermoëns is toe die Here hom geneem het na 'n vallei vol bene – droog en leweloos. Toe die Here hom vra: "*Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?*" moes Esegiël vanuit sy eie onvermoë antwoord: "*Nee, dit weet net U, Here my God*" (Eseg. 37:3).

In daardie visioen het die Here vir Esegiël gebruik om sy woord na die bene toe te stuur. Natuurlik het daar lewe (en later ook gees) in daardie bene gekom, want die woord van die Here kom nooit leeg terug nie; dit doen wat die Here gedoen wil hê (Jes. 55:11). So kon Esegiël 'n voorskou kry van wat die Here later sou doen wanneer sy eie Seun die Woord sou wees wat mens geword het. Reeds in die eerste gebed in Efesiërs is die gelowiges getroos deur die feit dat God met dieselfde krag in hulle werk as waarmee Hy ons Here Jesus uit die dood uit opgewek en Hom aan sy regterhand laat sit het (Ef. 1:19-20).

As ons onsself probeer indink hoe wonderlik die gawes is waarvoor Paulus namens die gelowiges gebid het, hoe wonderlik moet die Gewer van hierdie gawes nie wees nie …

Daarom aan God die dank, dat Paulus bid tot Hom wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink. Lomp gestel is God in staat om oneindig meer oorvloedig bó dit te doen wat ons kan bid of dink. Verder lê die troos nie net in die Here se vermoë nie, maar ook in die feit dat Hy reeds besig is om met daardie krag in ons te werk.

Hoe klein dink ons nie in ons gebede nie? Hoe maklik haak ons nie som-

mer maar net by ons eie wenslysies vas nie? Dit terwyl die een lewende God – ons hemelse Vader – aan ons die lewe in oorvloed wil skenk. Hy is werklik ons goeie Vader wat soveel meer as maar net kos en klere en blyplek gee – Hy gee sy Heilige Gees, Hy gee Homself aan elkeen wat vra (Luk. 11:11-13).

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Loof God vir sy wonderbare krag waarmee Hy in ons werk.
- Prys die Vader omdat Hy almagtig is en ook persoonlik teenwoordig is by ons elkeen.
- Gee dat ons elkeen mag groei in ons vertroue, nie net op ons Vader se vermoë nie, maar ook op die feit dat Hy werklik goed is.

DAGSTUKKIE 5-3 Heerlikheid wat geopenbaar is

Skrifgedeelte: Psalm 145

Wanneer die Here sy heerlikheid aan jou openbaar, kan jy nie anders as om te reageer nie. Niemand kan onaangeraak wees nadat die Here sy krag, genade, liefde, goedheid en geduld aan hom geopenbaar het nie. Só is Dawid se hele lied (Ps. 145) daarop gerig om te getuig van God se magtige dade.

Hoe wonderlik is die genade van die Here dat Hy – wat verhewe is bo tyd en plek – kies om in die geskiedenis van die wêreld op te tree! Die hoogste bewys van hoe Hy nie vêr weg en verwyderd van ons en sy skepping staan nie, vind ons in die menswording van ons Here Jesus.

Aan die voorpunt van alles en almal wat die Here behoort te loof oor die feit dat Hy Homself en sy heerlikheid aan ons openbaar het, staan Christus en sy kerk. *Aan God behoort die heerlikheid **in die gemeente** en **in Christus Jesus** deur alle geslagte tot in ewigheid* (Ef. 3:21, AOV). Christus bring van nature heerlikheid aan die Vader, want Hy is die geliefde Seun van God wat God Self *uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom* (Ef. 1:20-21). Ons, as kerk van ons Here Jesus, bring aan God die eer en heerlikheid net omdat ons aan Christus behoort.

Ons roeping is om God te verheerlik deur in 'n nuutgemaakte verhouding met Hom as ons hemelse Vader te leef. 'n Belangrike deel van hoe ons ons

hemelse Vader verheerlik, lê in hoe ons getuig van sy magtige dade in ons lewe en in die wêreld waarin ons leef (Ps. 145:4). In onsself het ons niks om op te roem nie. *Ons is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie* (2 Kor. 4:7). God word daarom verheerlik wanneer ons van sy reddende genade getuig.

God het sy heerlikheid in Christus aan ons geopenbaar. So het ons, as kerk van ons Here Jesus, die draers geword wat die boodskap van God se reddende genade aan die wêreld moet verkondig. Mag ons aanhou getuig, want aan ons Vader kom die eer en die heerlikheid toe tot in ewigheid!

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Dank God vir die genade dat jy en ons elkeen saam met Christus vir God mag verheerlik.
- Gee aan ons die moed en die oortuiging om elke geleentheid aan te gryp om te getuig van die Here se heerlikheid.

DAGSTUKKIE 5-4 God sal die goeie voltooi wat Hy in ons begin het

Skrifgedeelte: Filippense 1:3-11

Ek besef dat nie een van ons al die hoogtes of die rykdom bereik het waarvoor daar in Efesiërs 3:14-21 gebid word nie. Ons kan op verskillende maniere hierop reageer. Dalk voel jy of jy nooit die volheid sal bereik waarvan ons in die laaste weke geleer het nie. Dalk is daar nou opnuut by jou 'n begeerte om wel hierdie wonderlike vreugdes na te jaag waarvoor ons bid. Dalk is jy dankbaar en opgewonde omdat jy reeds tekens van hierdie genade van die Here in jou lewe sien.

Ons kan dankbaar wees dat die Here hierdie groeiproses nie net in ons hande oorlaat nie. In ons soeke na 'n dieper belewing van die voorregte wat ons reeds in Christus het, het ons die troos dat *God, wat die goeie werk in ons begin het, dit enduit sal voer* (Fil. 1:6). Ons moet nooit uit die oog verloor dat ons besig is om te lewe na die dag toe wanneer ons Here Jesus weer kom nie.

Ja, natuurlik moet ons aanhou vra en soek en klop (Luk. 11:9), maar ons doen al hierdie dinge in die vertroue dat ons Here Jesus Self ons met sy wederkoms sal kom volmaak. Hy is immers die Begin en die Voleinder van ons geloof. Ons hoef daarom nie moedeloos te raak wanneer ons besef hoe ver ons nog tekort skiet nie.

In vertroue op Hom wat magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, word ons geroep om aan te hou bid vir mekaar. So gee

die Heilige Gees vir ons die krag om innerlik sterk te word. So sal ons meer beleef van hoe Christus in ons hart woon. So sal ons Christus se liefde ken en begryp. So sal ons gevul word met die volheid van God.

Hoe meer ons so vir mekaar bid, hoe meer sal ons besef dat ons nog meer behoort te bid – met groter vertroue en meer dringendheid. Ons weet immers dat ons Here Jesus op pad is, en op daardie dag wil ons gereed wees vir ons Bruidegom (Fil. 1:9-11).

Nou – aan die einde van die Fokustyd – kyk ons vorentoe. Mag ons aanhou om vir mekaar te bid. Mag ons lewe al hoe meer gekenmerk en beheers word deur die gawes wat die Vader elke dag aan ons skenk. Mag God verheerlik word deur die verlossingswerk wat Hy in ons doen!

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Mag ons met al hoe meer vertroue en dringendheid vir mekaar bid.
- Gee tog dat ons elkeen biddend sal leef.

DAGSTUKKIE 5-5 Eer God in alles – ook in ons gebede (Mias Smit)

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:13-18

Jesus leer ons bid. Jesus bid ook. Die dissipels bid ook.

Ek en jy moet ook bid. Ons moenie gedwing voel om te bid nie, maar uit dankbaarheid nie anders kan as om te bid nie. Ons dankbaarheid vloei uit ons blydskap oor alles wat God aan ons gegee het en steeds gee. Ons weet reeds dat gebed die grootste deel van ons dankbaarheidslewe moet wees.

Wanneer die Moslems bid, skree hulle tot hulle (af)god. Ons hoef nie vir ons God te skree nie, want Hy hoor ons selfs al bid ons net in ons gedagtes. Hy weet ook reeds wat al ons behoeftes is en Hy is altyd gereed om tot ons beswil daarin te voorsien.

Het jy al in die nag wakker geword of wakker gelê en dan die behoefte gevoel om te bid? Terwyl jy so bid, raak jy aan die slaap … en dan voel jy skuldig omdat jy aan die slaap geraak het. Nee, jy hoef nie skuldig te voel nie. Wees eerder dankbaar omdat hierdie intieme manier waarop ons met God praat, met hoorbare woorde of selfs net in ons gedagtes, 'n groot rustigheid in ons bring. Daarom kan ons ook, nadat ons gebid het, geduldig wag op die Here se verhoring daarvan.

Wanneer die Here in Efesiërs 6 deur Paulus sy wapenrusting vir ons gee en ook verduidelik hoe ons die wapenrusting moet gebruik, beveel die Here

dat ons dit biddend en smekend moet doen. Dan sal ons die Bose met hierdie wapenrusting kan teenstaan en kan ons alle eer aan die Here bring omdat Hy reeds die oorwinning behaal het. Waar in geloof gebid word, gebeur iets, want God hoor en Hy luister. Wanneer ons dankbaar is, is ons bly en wil ons die eer daarvoor aan iemand bring. Hierdie Iemand is God Drie-enig. Ons bid tot die Vader deur die Seun en met die ondersteuning van die Heilige Gees.

Ons lees in die Bybel van verskeie mense se ernstige gebede, onder andere:

- Elia bid dat dit nie moet reën nie (Jak. 5:17-18).
- Elia bid dat die Here die offer met vuur moet verteer (1 Kon. 18).
- Moses bid vir oorwinnings in oorloë.
- Dawid se gebede vind ons in verskeie psalms.

Ernstige bidders, groot bidders … maar ons het 'n groter Bidder as wat Elia en Moses en Dawid was, naamlik ons Here Jesus Christus. Ons hoor Hom bid: "*Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het*" (Joh. 17:24). Laat ons die hoogste eer aan God in ons gebede bring, want ons sal hierdie heerlikheid sien en beleef – nie net vir 'n kort tydjie nie, maar tot in die ewige ewigheid.

kniel saam

Wanneer jy bid, plaas onder andere die volgende op jou gebedsagenda:

- Eer God vir sy genade om hierdie jaar deel te kon wees van die Fokustyd.
- Bid dat die Here altyd aan ons die vrymoedigheid sal gee om in gebed tot Hom te nader. In Jesus Christus het ons vrye toegang tot God.